

PROFETEER WEER:

God se Opdrag aan
Sy Kerk in die Eindtyd

PROFETEER WEER:

God se Opdrag aan
Sy Kerk in die Eindtyd

DEUR GERALD FLURRY

Hierdie boek mag nie verkoop word nie.

Dit is 'n gratis opvoedkundige diens in
openbare belang, en word deur die
Philadelphia Church of God gepubliseer.

© 2005, 2008 Philadelphia Church of God

Alle regte voorbehou

Gedruk in die Verenigde State van Amerika
Bybeltekste in hierdie publikasie word ontleen vanuit
die 1953 Afrikaanse Vertaling, tensy anders vermeld.

In hierdie leeftyd is die opdrag van God aan Sy Kerk, intellektueel heel moontlik buite die bestek van menslike verstand om ten volle begryp te word! Die verborgenheid van God moet nou onthul word en is hierdie werk daar om die mensdom in sy geheel te onderrig en hierdie verborgenheid aan elke persoon wat ooit geskape is, te onthul of bekend te maak. Nie net moet die openbaring van die verborgenheid bekend gemaak word nie, maar ook hoe daarin onderrig moet word. Hoekom? Is dit moontlik dat God Sy Familie vir ewig in die heelal sal aanhou uitbrei?

Inhoudsopgawe

HOOFSUK EEN:

Verklaar Die Verborgenheid—Weer 1

HOOFSUK TWEE:

Die Nuwe Opdrag..... 13

HOOFSUK DRIE:

Die Wonderlike Wonder van God se Werk26

HOOFSUK VIER:

Hef Julle Oë Na Bo!.....44

1

Verklaar Die Verborgenheid— Weer

TYDENS DIE APOSTEL JOHANNES SE AANHOUDING OP DIE eiland Patmos, was dit vir hom 'n baie moeilike tyd. Sover ons weet was hy heeltemal alleen: al die ander apostels reeds om die lewe gebring! U sou moontlik dink dat Johannes dalk hartseer en ontmoedig sou wees—maaar dit was geensins die geval nie. Onder hierdie omstandighede het Johannes die boek van Openbaring geskryf. Dit was ook hier dat Johannes oor ons opdrag, om weer te profeteer, geskryf het.

Deur die eeue heen het mense die opdrag wat in Openbaring 10:11 opgeteken is, naamlik, dat weereens geprofeteer moet word; bespreek en daaroor gewonder. Deur mense se gedagtes hieroor, te bestudeer, kan afgelei word hoe erg verward hulle was. Hier aan die einde van menslike regering op aarde, is dit God se “klein kudde” WAT VIR DIE EERSTE KEER OOIT, VERSTAAN wat dit beteken om weer te profeteer. Ons raai nie—ons weet. Daarvoor het God ons volop bewyse gegee.

Ons het slegs 'n kort tydjie om God se boodskap aan die hele wêreld oor te dra. In die proses beleef ons talle ernstige beproewinge, wat geensins vir God se mense ongewoon is nie. Op 'n tydstip was Jeremia baie terneergedruk en deur sy beproewinge gekwel. Maar hy het gesê, *Daardie waarheid was in my hart soos 'n BRANDENDE VUUR IN MY GEBEENTES en ek kon dit nie laat gaan nie* (Jeremia 20:9). Dit is die fase wat God wil hê dat ons moet bereik: waar Sy waarheid soos 'n vuur in

ons gebeentes is en NIKS daardie vuur kan blus nie—niks sal ons daarvan weerhou om hierdie boodskap uit te dra nie.

Kom ons beskou die opdrag om weer te profeteer van naderby.

OORSIG

Die boek van Openbaring bevat skouspelagtige tonele; dit is presies georden en beplan. Hierin word sewe basuine, sewe plae, sewe opstandings van die Heilige Romeinse Ryk en drie weë bespreek. Die apostel Johannes het oor oorlog tussen Christus en die leërs van die aarde geskryf. Engele en God se eie troon, word beskryf. Ons sien die chronologiese volgorde van profesie wat die wederkoms van Jesus Christus inlei; en hoe God die Vader na die millennium met die Nuwe Jerusalem na die aarde kom.

Ons sien die wonderlike harmonie en eenheid in God se meesterplan. Hoe meer jy dit bestudeer, hoe meer word die gedagtegang van God verstaan. Hoe meer ons geestelik groei, hoe groter is ons verbasing oor hoe min ons van die manjifieke en omvattende gedagte prosesse van die Skepper God verstaan!

Te midde van hierdie profesieë—sommige oor skrikwekkende wêreldtoestande—vind jy daar 'n klein groepie uitverkorenes van God, wat te midde van die storm, aan 'n sterwende wêreld, hoop en betekenis gee. Ons ondervind alreeds die begin van hierdie ongeëwenaarde storm—dis waar ons vandag is. Openbaring bespreek Satan en die hewige teenkating van 'n groot vals Kerk voor wie God se uitverkorenes te staan kom. In die middel van hierdie 22 hoofstukke is 'n profesie oor dié boekie en “Mystery of the Ages”, waarin God ons beveel om WEER TE PROFETEER.

HIERDIE IS LEWENDE DRAMA. God het ons *baie openbaringe* oor hierdie opdrag om weer te profeteer, gegee.

DIE VERBORGENHEID VAN GOD

“En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; en in sy hand het hy 'n geopende *boekie* gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land; en hy het met 'n groot stem uitgeroep

soos ‘n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die *sewe donderslae* hulle stemme laat hoor. En toe die *sewe donderslae* hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het ‘n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die *sewe donderslae* gespreek het, en skryf dit nie op nie” (Openbaring 10:1-4).

Die *sewe donderslae* wat in hierdie boekie bespreek word, handel oor die opstandige mense van God, wat in hierdie eindtyd “die waarheid op die grond neergewerp het”. Hierdie donderslae het betrekking op *Mystery of the Ages* en Mnr. Armstrong se ander geskryfte wat neergewerp en vernietig is! Hierdie donderslae handel ook oor wat met God se waarheid binne-in God se Kerk gebeur. God is altyd, die meeste besorg oor Sy mense, maar die wêreld moet ook tot die van hierdie ramp kom.

“En die engel wat ek op die see en land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie” (Openbaring 10:5-6).

In die 1933 weergawe van die Afrikaanse Bybel eindig vers 6 met ‘n kommapunt, en word die gedagte verder gevoer in vers 7: “Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer *hy met die basuin sal blaas* (of eerder, *wanneer hy op die punt staan* om met die basuin te blaas) dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.”

Die sewende engel wat hier bespreek word is die *sewende basuin* engel (Openbaring 8:2, 11:15), nie die engel van die Laodicense era nie (Openbaring 3:14). Voordat daardie *sewende basuin* geblaas word, moet iets op Aarde gebeur. Volgens *The Companion Bible* en die Griekse interliniêre, sal “sal blaas” beter vertaal word om te lees, “op die punt staan om te blaas”. Hoofstuk 11 ontvou wanneer daardie *sewende basuin op die punt* staan om te blaas.

In vers 7 word hierdie profesie gedateer en is daar nie baie tyd oor nie, omdat die dringendeheid steeds vermeerder. Die *sewende basuin op die punt om geblaas te word* en is daar ‘n dringende werk wat binne ‘n baie kort tydperk plaasvind—dit wentel alles om die verborgenheid van God.

Hier, in die spesifieke konteks van 'n VERBORGENHEID—sê die engel dat daar weer geprofeteer moet word. God is diep besorg oor die verborgenheid wat geleer—en die boodskap wat uitgedra moet word, voordat Hy die Groot Verdrukking en die Dag van die Here oor die wêreld bring. God, dra aan ons dié uiterste erns oor; dat die sewende engel op die punt staan om te blaas!

Te midde van die tydperk van “geen uitstel meer nie”, word 'n boodskap oor die verborgenheid van God deur Sy uitverkorenes uitgedra. God het ons 'n opdrag gegee om uit te voer, naamlik: Maak hierdie verborgenheid aan die wêreld bekend.

Die boekie, *Malachi's Message*, onthul die groot wegval van God se waarheid en wat die uitverkorenes se opdrag is. (Ons gratis boekie “*The Little Book*” is op aanvraag beskikbaar, waarin skriftuurlik bewys word dat *Malachi's Message* hierdie boek is) Die werk word verrig tydens die ergste moeilikheid ooit, op aarde, en in terme van getalle, waarskynlik die mees wydverspreide opstand ooit, wat in God se Kerk plaasvind.

Hierdie is 'n werk wat, voor Christus se wederkoms, deur God se getroue mense afgehandel sal wees.

Die Laodicense het geweier om die opdrag wat God aan die Filadelfia Kerk gegee het, uit te voer, en hierdie versuim van hulle word in *Malachi's Message* verduidelik.

Openbaring 10 openbaar die verband wat daar tussen *Mystery of the Ages* en *Malachi's Message* bestaan. Albei is stewig verbind met die Elia werk, en hierdie hoofstuk dui daarop dat die boekie en die werk van God tans, regstreeks verband hou met *Mystery of the Ages* en God se werk wat deur Mnr. Armstrong uitgevoer is.

Wanneer die sewende basuin begin blaas moet die werk voltooi wees. Met ander woorde, DIE PHILADELPHIA CHURCH OF GOD SAL NIE DIE WERK VAN GOD VOLTOOI, TENSY HULLE DIE OPDRAG UITVOER NIE!

Baie druk word hiermee op God se uitverkorenes geplaas om *Mystery of the Ages* nou aan die wêreld te voorsien!

Onder sulke druk is ons menslike natuur geneig om dit teen te staan. Maar soos Jeremia, moet ons sê, *Ek kon nie weifel nie want daardie waarheid was soos 'n brandende vuur in my gebeentes!*

Mnr. Armstrong het *Mystery of the Ages* SLEGS ses maande voor sy afsterwe voltooi. Hy het verklaar dat hierdie boek, naas die Bybel, die mees belangrikste boek op aarde, was. Dit bevat 'n oorsig van die Bybel in sy geheel. Die Bybel is soos 'n legkaart, en die Christelike wêreld weet *nie* hoe om die stukkie aanmekeer te sit nie. Hierdie boek van Mnr. Armstrong verduidelik hoe om die Bybel legkaart te voltooi.

Het hy vuriglik verklaar dat sy kerk met hierdie lewensbelangrike boek “die grootste gehoor moontlik, moet bereik”.

Die kerk wat hy gestig het, het geweier om *Mystery of the Ages* te publiseer. Derhalwe is dit voor die hand liggend, dat God 'n ander werk sou oprig om die taak te voltooi.

Dit is hier waar ons opdrag in die prentjie kom. Ons moet “weer profeteer”, met die klem daarop om die wêreld, wat die ergste krisis ooit, in die gesig staar, te waarsku (Eségiël 33:7-9). Daarbenewens moet ons mense die ongelooflike hoop in God se verborgeneid laat sien.

“En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings” (Openbaring 10:11). Ons moet aan die hele wêreld “weer profeteer” Hierdie opdrag is spesifiek daarop gerig om die grootste gehoor moontlik, met *Mystery of the Ages* te bereik.

Wanneer ons deur God opgedra word om weer aan die wêreld oor die verborgeneid te profeteer, is dit 'n direkte opdrag om *Mystery of the Ages* te voorsien! Openbaring 10:7 is 'n spesifieke verwysing na Mnr. Armstrong se finale en belangrikste boek. Daar is huidiglik op hierdie aarde geen ander boek wat die verborgeneid van die Bybel duideliker en vollediger verduidelik nie. Alle verborgeneid moet uit die Bybel weggeneem en dit is wat hierdie wêreld nou meer as enige iets anders, nodig het om te verstaan!

Die kopieregte tot daardie boek en 18 ander werke deur Mnr. Armstrong is nou ons eiendom—net omdat 'n klein groepie mense op God vertrou het, het Hy die hofgeding in hul guns gedraai! (Vir meer inligting hieroor, is ons boekie oor Hábakuk gratis beskikbaar.) God het daardie werke tot ons beskikking gestel: beslis nie die howe nie.

DIE BOEKIE EN *MYSTERY OF THE AGES* SKAKEL REGSTREEKS MET DIE SEWENDE BASUIN ENGEL—EN JESUS CHRISTUS SE

WEDERKOMS! DIT IS 'N WAARHEID WAT AL GOD SE MENS BEHOORT TE ELEKTRIFISEER!

Wat gaan Christus tydens Sy wederkoms doen? Hy sal konings en priesters benodig, en handboeke om in kolleges en mense se huise te sit, sodat hulle kan leer hoe om te leef. Wanneer Christus kom, sal ons begin om die wêreld op te voed; omdat hierdie wêreld binnekort God s'n sal wees.

DIE LAMP VAN DIE LAODICENSE ERA WORD DEUR ONS, VIR DIE WÊRELD, BRANDEND GEHOU—HOOFSAAKLIK DEUR DIE VOORSIENING VAN “Mystery of the Ages”, en nie deur die Laodicense nie. Dit is ons werk. Sou die lamp geblus word, sal hierdie wêreld in totale donkerde gehul wees. Alleenlik die “Philadelphia Church of God” (PCG) voorsien lig aan hierdie wêreld—en *Mystery of the Ages* IS DIE DIE LAMP SE HOOF OLIEBRON.

DISPENSASIE VAN DIE VERBORGENHEID

Presies wat beteken dit om weer van die verborgenheid te profeteer?

Efesiërs 3:9 bevat verstommende waarheid hieroor. “En vir almal aan die lig te bring wat die *gemeenskap is van die verborgenheid* wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus.”

Die woord *gemeenskap* is nie 'n korrekte vertaling nie. *Lange's Commentary* vertaal dit as *dispensasie*, so ook sommige ander Bybelvertalings—die *dispensasie* van die verborgenheid. *Dispensasie* beteken om *uit te deel*, *vry te stel* of te *versprei*: om die verborgenheid uit te deel, vry te stel of te versprei!

The Companion Bible sê ook dat dit *dispensasie* is, en voeg by dat die woord “gemeenskap” gebruik is omdat vertalers 'n verkeerde Griekse woord vertaal het!

Dit sê ook dat *dispensasie* gelyk is, aan *rentmeesterskap*. Met ander woorde, waar daar iets is om uitgedeel te word, moet daar iemand wees om dit te doen, en moet daar mense wees wat bereid is om die verborgenheid aan die wêreld te verklaar, en nie net vir hulle self te hou nie. Hierdie verantwoordelikheid is aan God se uitverkorenes opgedra.

Daar is baie in hierdie vers waaroor ons met nadink!

Die *Jamieson, Fausset and Brown Commentary* verklaar dat die woord “gemeenskap” wat verkeerd vertaal is, beteken “*om nou uit te deel* ... dit wat tevore as ‘n verborgeneid in Sy raadgewings verberg, was.” Sy boodskap moet *nou* deur Sy uitverkorenes verklaar word. Elke keer wat God mense roep en hulle tot die waarheid bring, is daar ‘n fantastiese werk wat gedoen moet word. Al sewe Kerk eras het daardie verantwoordelikheid gehad. Meeste van hulle het gefaal!

Kyk weer na daardie vers. Dit sê nie net dat ons hierdie verborgeneid moet *uitdeel* nie—wat ons beslis opgedra is om te doen. Dit sê dat ons alle mense moet laat begryp dat hierdie verborgeneid aan die ganse mensdom UITGEDEEL of verklaar moet word. Op die oog af, blyk dit nie sin te maak nie. Ek is seker dat dit die rede is waarom die vertalers die woord verander het, alhoewel dit nogal vermetel van hulle wasom dit te doen.

Daar is by verre meer betekenis in hierdie vers as wat ons tot nou toe besef het, en het God ‘n dieper betekenis aan hierdie Kerk geopenbaar.

‘N HEELAL VISIE

Wat is hierdie verborgeneid waarvan God praat? Wat is dit wat God wil hê dat ons moet verstaan? Dit is, dat HY WERKLIK HOMSELF in die mensdom te HERSKEP. Dit is ‘n waarheid so wonderlik dat die wêreld sê, *Nee—dit kan nie wees nie! Dit is godslastering!* Dit is egter wat die Bybel sê, en juis dit, is waaroor die verborgeneid gaan.

In Openbaring 11:1 word daar van die tempel (Grieks *naos*), of BINNE TEMPEL, WAAR GOD WOON, gepraat. DIT IS WAAR DIE VERBORGENEID IS. Toe Christus gesterf het, is die tempelvoorhangsel voor die *Heiligdom*, in twee geskeur, en het ons daardeur toegang tot God die Vader verkry. Daardie gebeurtenis simboliseer ons toegang tot die HEELAL IN SY TOTALITEIT! Dit is waaroor die verborgeneid gaan!

Volgens sterrekundiges bevat die heelal sowat 2 tot 3 *triljoen* sterrestelsels. Hoeveel sterre is dit? Die beste beraming wat hulle kan maak is ‘n 70 met 21 nulle agteraan—*heel waarskynlik meer as die sandkorrels op aarde*. En tog, God roep elke ster by naam! (Jesaja 40:26).

Lig beweeg teen 'n spoed van 186 000 myl per sekonde, en die lig vanaf die anderkant van die heelal het ons nog nie eens bereik nie! Hierdie syfers gee ons ietwat insig van hoe oorweldigend eindeloos die heelal is. Ons word daardeur gehelp om te kan begryp hoe 'n almagtige Skepper God ons het.

Deur middel van hierdie verborgenheid deel God ons mee dat ons die oneindige heelal gaan regeer.

EFÉSIËRS 3:9 SÊ DAT ALLE MENSE MOET INSIEN DAT ALMAL MOET SIEN DAT DIE VERBORGENHEID VAN GOD VERKLAAR MOET WORD. DINK GOED NA OOR HIERDIE VERKLARING. God wil aan alle mense in hierdie wêreld 'n visioen, soos wat hulle nog nooit ooit voorheen gesien het nie, gee! *Miskien* wil Hy hulle daarop wys dat hulle hierdie verborgenheid in die heelal moet uitdra—ook *dalk na ander mense wat God op ander planeete sal skeep*. Efésiërs 3:9 laat beslis ruimte daarvoor. Gaan die verborgenheid van God aan en aan en aan uitgedeel word—waar hierdie verborgenheid aan mense elders in die heelal, geopenbaar sal word, nadat hulle soortgelyke ondervindings deurmaak, soos wat ons, nou op aarde het? Ek weet nie presies wat God in gedagte het nie. MAAR DIE WOORD *dispensasie* HET VERBYSTERENDE IMPLIKASIES! Die verborgenheid moet aan elke kind wat in God se Familie inkom *uitgedeel* of verklaar word.

Dit behoort ons geensins te verbaas indien die ontsagwekkende God 'n onoortreflike plan het wat ons tot nog toe, nie ten volle begryp nie. Word ons verstand almeer deur Hom voorberei om te begryp wat ons in die 2 tot 3 triljoen sterrestelsels gaan doen? Dit is grootse eiendom! Is dit moontlik dat God werklik, na Operasie aarde selfs nog meer seuns van God gaan skeep?

Gestel nou dat God wel van plan is om meer bewoners op daardie 2 tot 3 triljoen sterrestelsels te plaas. Dit klink amper ongelooflik, maar laat ons God nie beperk nie. Sy kreatiewe verstandelike krag is verbysterend! Daarom is dit so 'n verskriklike sonde vir klein mensies om Hom te trotseer!

“Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouers, ... *tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde*, op die troon van Dawid... Die ywer van die Here van die leërskare sal dit doen” (Jesaja 9:5-6). Ons het oor die betekenis van hierdie twee verse

gespekuleer, maar indien jy net na HIERDIE GEDEELTE kyk, sê dit baie; dat daar GEEN EINDE AAN DIE VERMEERDERING VAN GOD SE HEERSKAPPY EN VREDE SAL WEES NIE.

Eerstens moet ons God se regering hê wat vrede bring. Dit is nodeloos om vrede op 'n leë planeet of sterrestelsel te bewerkstellig, nie waar nie? Dit is egter noodsaaklik om vrede te bewerkstellig waar daar inwoners is—dalk engele, dalk mense. *Indien daar niks daarbuite is nie behalwe net 'n wildernis, en dit so gaan bly; hoekom die nodigheid om die heerskappy en vrede vir ewig en ewig te vermeerder?* God het 'n doel vir elke sentimeter van Sy skepping.

Die *Good News* van Junie 1974 sê die volgende: “God die Vader en Jesus Christus is besig om hulself te herskep. Hulle vergroot hul God Familie. Hulle verwek seuns, werklike lede van die God Familie. Dit is die doel, van menslike lewe; dit is ook die doel vir hierdie aarde, EN MAG DIT HEEL MOONTLIK OOK DIE DOEL VIR DIE HEELAL, IN SY GEHEEL, WEES. Ons kan nie hieroor aanmatigend wees nie. **ONS BEGEEF ONS HIER, TEN MINSTE GEDEELTELIK, OP DIE GEBIED VAN DIÉ MOONTLIKHEID**” (klem myne).

Ons het, soos Mnr. Armstrong gespekuleer—dat hierdie besondere vers mag beteken, dat GOD SE FAMILIE VIR EWIG SAL TOENEEM. Indien dit waar sou wees, gee dit ons 'n besef mee, van die werk wat vorentoe op ons wag.

Die Bybel sê dat daar 'n einde aan hartseer, trane en pyn sal wees. Dit *kan alleenlik* betrekking op God se werk op aarde hê. Weereens, net spekulasie, maar ek glo dat hierdie twee skrifgedeeltes in Efesiërs en Jesaja, hierdie mening daarvoor versterk.

Ons kan die versekering hê, dat wat God ook al beplan, wonderbaar sal wees.

VIR EONS VERBERG

Let op na nog iets in Efesiërs 3:9 “en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap [dispensasie] is van die verborgenheid *wat van alle eeue verborge was in God* wat alles geskape het deur Jesus Christus.”

Die uitdrukking “verborge was in God”, is 'n swak vertaling. Die *Anchor Bible* sê, “van alle eeue verborge was in God,” en eeue eintlik eons beteken—letterlik, eons en eons van tyd; 'n

onmeetlike tydruimte, of 'n onbepaalde lang tydperioede. Dit dui nie slegs op hierdie wêreld se tyd nie, maar oor 'n tyd voor menseheugenis, toe God alleenlik met die engele gehandel het.

Dit is duidelik dat die vertalers nie 'n goeie begrip van hierdie vers gehad het nie!

Vir eons en eons van tyd was hierdie verborgenheid in God se gedagte verberg. *Die stelling is nie spekulasie nie.* God se plan om Homself te herskep is nie iets wat Hy toevallig saamgeflans het nie. Hierdie verborgenheid kon vir miljoene jare in Sy gedagtes verberg gewees het!

Lange's Commentary verklaar, “Vandat daar mense en engele was, is dit nie aan een van hulle onthul nie.” Hierdie stelling is egter nie heeltemal waar nie, maar help ons egter om die betekenis van “van alle eeue af verborge was in God” te verstaan. Nietemin, nadat een derde van die engele gerebelleer het, het God Sy plan vir die mensdom, aan die engele geopenbaar, en is hierdie verborgenheid tot hede vandag, vir die die wêreld verberg. Dit is *alleenlik* deur die eeue heen aan God se “klein kudde” geopenbaar. Dit is presies wat in hierdie vers bevestig word. Tydens die skepping van die engele, HET HULLE NIE VERSTAAN DAT GOD HOMSELF IN MENSE SOU HERSKEP INDIEN SY PLAN MET HULLE NIE SOU SLAAG NIE! God het tydens die skepping van die engele, 'n bystandsplan gehad, en was hulle nie bewus van Plan B nie—totdat God gesien het dat Plan A nie uitgewerk het nie—God, Homself in die mens sou herskep. (Hierdie stelling word breedvoerig in ons gratis boek *The God Family Vision* verduidelik.) *Hierdie voortreflike waarheid was in God se gedagtes voor en tydens Sy skepping van die engele, maar Hy het dit nie aan hulle openbaar nie;* miskien was Hy van mening dat dit hulle sou verwar of ontmoedig.

Dit gee ons 'n mate van insig in God se diep, diep gedagtegang. Nie alles word aan ons openbaar nie. Ons word egter in geheel die onontbeerlike waarheid gegee, daar is egter kennis wat op hierdie tydstip nie goed vir ons sal wees nie. God weet wat om aan ons te openbaar en wat vir 'n wyle van ons weerhou moet word—en dit wat deur Hom weerhou word, kan verstommend wees!

Stel jou voor, wat God nog mag hê om op die regte tyd aan ons te openbaar!

“Aan hulle [die profete] is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons die dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur die wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige [Gees] wat van die hemel gestuur is—dinge waarin die engele begerig is om in te sien” (1 Petrus 1:12). Die woord *begerig* is teenwoordige tyd. DIE ENGELE IS NOG STEEDS VURIGLIK OPGEWONDE OM SOOS WAT DIE PLAN ONTVOU, MEER TE LEER VAN HOE GOD, HOMSELF IN DIE MENS DOM HERSKEP.

Dit is God se uiteindelijke meesterplan.

Indien die engele, wat nooit gode sal wees nie, hierdie intense belangstelling het, behoort die diepte van ons geesdrif, nie minstens hulle s'n te ewenaar nie? Ons gaan Gode word—seuns van God!

Die woord wat as *sien* vertaal word, sinspeel daarop dat die engele vooroor buig, strek en alles inspan in 'n poging om vas te stel wat God besig is om te doen. Hulle vra en antwoord die groot vroe: *Wat is God besig om te doen? Ons moet hieroor kennis bekom. Wat beteken dit dat God Homself deur 'n mens herskep?*

Engel is ontsaglike magtige wesens—en het ons nie nodig om hulle te bejammer nie—maar hulle is absoluut in VERWONDERING oor wat God met die mens maak! Hulle is geesdriftig en vol opwinding, en wil hulle weet waaroor hierdie diepgaande verborgenheid alles gaan!

En tog, is *die meeste van God se mense huidiglik*, geensins GEÏNTERESSEERD *in hierdie verborgenheid nie omdat hulle so BLIND is!*

Ons vlak van belangstelling in hierdie verstommende plan, word tans deur God gevalueer.

Vir eons was hierdie idee in God se gedagtes verberg Hy was bewus van die groot risiko daaraan verbonde; die een wat Sy Seun geword het alles gewaag en het gely soos geen mens nog ooit gely het nie, omdat God en die Woord 'n familie wou hê. Jesus Christus het baie ellende hier op aarde verduur. Hy moes absoluut perfek wees; net een sonde sou vir almal die einde beteken het—'n Familie van God sou geensins bestaan het nie! Eerlank sou die mens, alle menslike lewe vernietig het, wat dan die einde van alles sou beteken.

Somtyds verduur ons lyding en het probleme en moeilikhede vanweë ons poging om in Christus se voetspore te volg. Dit

is soms moeilik om God te gehoorsaam. Ons moet egter verstaan HOEKOM DIT SO IS: God wil hierdie ongelooflike en asemrowende toekoms vir ons as seuns van God gee! Natuurlik is dit nie maklik nie! Hy poog nie om ons fisies te red nie. Hy wil ons vir ALLE EWIGHEID in Sy Familie hé! Dus sal Hy ons swaar beproef.

Pleks van selfbejammering wanneer ons voor beproewinge te staan kom, moet ons hierdie visie diep in ons gedagtes ingrif; so diep, dat kom wat wil, ons nooit sal tou opgooi nie! Dit is presies die denke wat God in ons gedagtes wil hê. Dit is karakter. Almal van ons moet kies om tydens beproewinge, bly te wees, selfs wanneer dit verskriklik moeilik word.

Hierdie visie verg ons aandag. Ons sal in ewigheid nooit weer so 'n geleentheid kry nie. Selfs die engele, briljant en vurig soos wat hulle is, het nie eers hierdie geleentheid nie. Sommige geleerdes besef dat daar iets uiters diep in hierdie verse is, maar steeds verstaan hulle dit nie.

Snap ons dit werklik?

SAL DIE AARDE DIE LANSEERPLEK WEES, DIE ONEINDIGE HEELAL IN, WAAR GOD SE FAMILIE VIR EWIG SAL GROEI? EK WEET NIE. WANNEER EK EGTER SKRIFGEDEELTES SOOS EFESIËRS 3:9 EN JESAJA 9:5-6 SIEN, MOET EK SÊ, DAT IETS ONGELOOFLIK MAJESTUEUS OP DIE HORISON IS—IETS BUITENGEWOON GROOTS—IETS MOEILIK DENKBAAR!

“DIE GROOTSTE GEHOOR MOONTLIK” mag dalk verewig ons strydkreet wees!

Hierdie begrip van Efésiërs 3:9 is kragtig, verstommende *nuwe openbaring* van God aan hierdie Kerk. Laat ons seker maak dats on jubel oor die ongelooflike diepte van God met betrekking tot hierdie verborgenheid!

2

Die Nuwe Opdrag

HIERDIE *PROFETEER WEER* OPDRAG, HIERDIE WERK OM die dispensasie van die verborgenheid uit te voer, wek in ons 'n hartsbegeerte WAT VIR EWIG DEUR GOD GEBRUIK SAL WORD. Wat ons hier op aarde doen is 'n baie klein begin.

Dit is waarom dit so belangrik is, om diep oors ons opdrag na te dink. Wanneer ons sê dat ons *WEEREENS PROFETEER*, moet ons besef waarvan ons praat. Dit het betrekking op die verborgenheid wat regstreeks gekoppel is aan die sewende basuin en Jesus Christus se wederkoms.

Ons lewe op hierdie planeet te midde van die ergste moeilikheid ooit. Nietemin, *besinning oor hierdie verborgenheid verban alle negatiewe gedagtes*. By tye is ons almal geneig om negatief te raak, maar begrip van die verborgenheid, blyk die oplossing daarvoor te wees. **HIERDIE IS DIE BESTE TYD OOIT, OM GEROEP TE WORD.** Mense kan maar spot, maar die wederkoms van Christus is voor die deur. **DIE MEESTE MENSE WAT TANS OP DIE AARDE IS, GAAN DIE GROOT VERDRUKKING BELEEF**—asook Jesus Christus se wederkoms, sou hulle dan nog in die lewe wees. Wanneer mense in die Wêreld van Móre terugkyk, sal hulle sê, *Wat 'n geleentheid sou dit nie gewees het om net voor Jesus Christus se wederkoms, geroep te gewees het!*

Ons staan op die punt om na dié God vlak verhef te word! Openbaring 10:1 beskryf die voorkoms van 'n magtige engel—“bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof,

en sy aangesig was soos die son, en sy voete was soos pilare van vuur.” ’n Ontzagwekkende wese! Tog, HET GOD NOG NOOIT ENIGE ENGEL SY SEUN GENOEM NIE, OF TE KENNE GEGEE, DAT HY HUL VADER SOU WEES NIE (Hebreërs 1:5). ONS, VAN STOF GEMAAK—EN GOD HERSKEP HOMSELF IN ONS! Waarlik iets om oor opgewonde te raak! Dit, is die boodskap, wat God wil, dat ons WEEREENS moet PROFETEER!

Sou Lucifer en een derde van die engele suksesvol gewees het, kan ons alleenlik glo dat hierdie verborgenheid nog steeds in God se gedagtes opgesluit sou gewees het! God mag dan Sy meesterplan, om Homself in die mens te herskep, nooit openbaar het nie. Wanneer ons oor hierdie verborgenheid nadink, moet ons ook die *geskiedenis* daarvan in herinnering roep, veral die tydperk wat dit *alleenlik* in die gedagtes van God gesetel was.

GEEN UITSTEL MEER NIE

Openbaring 10:6 sê dat daar *geen uitstel meer* moet wees nie. Hierdie tydperk het ons na Mnr. Armstrong se afsterwe en Satan neergewerp is, betree. (Openbaring 12:12-13).

In die *Good News* van Januarie 1984, het Mnr. Armstrong oor wat voorlê, as volg geskryf. “So, Openbaring 10 toon dat toe dit wou voorkom asof ons werk meer dan ’n dekade terug feitlik voltooi was, God wêreldgebeure teruggehou het, en was ek opgedra om die boodskap van die Koninkryk na baie konings (of baie nasies) wat verskillende tale spreek, te neem (Openbaring 10:11). Dit is wat ek, as ek nou terugkyk, veral sedert 1972 gedoen het.”

Dink ’n vir ’n oomblik hieroor na. Mnr. Armstrong het, gedurende 1984, merkwaardige insig gehad dat gebeure reeds vir ongeveer 12 jaar teruggehou word. Hy het geweet dat God, vir die een of ander rede, gebeure teruggehou. Maar hy het ook besef dat daar ’n einde aan daardie terughouding sou wees—en daar was, met sy afsterwe!

In hierdie tyd mag God, op een of ander wyse, een leier terughou of ’n ander aanstel om die Midde Ooste of ander gebiede vir ’n klein rukkie te stabiliseer. God mag ’n wêreldleier gebruik om die deure te open sodat ons die boodskap kan uitdra. Nogtans, is DAAR GEEN VERDERE UITSTEL NIE. Het u opgemerk

hoe snel die koning van die suide en die koning van die noorde se magsbasisse uitbrei? Wêreldgebeure sal nie weer deur God terughou word nie. Gebeure volg blitsig op mekaar!

“En ‘n riet soos ‘n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid.” (Openbaring 11:1). ‘n Profeet sal na vore kom, wie, deur God gebruik sal word om die *altaar*, of bediening en die lede van God se Kerk, te meet. Een dame het my daarop attent gemaak, dat al my boodskappe regstreeks na die gemeentes gestuur word om daar daarna te luister. Tydens mnr. Armstrong se leeftyd het dit net af en toe gebeur. Tans is God se mense versprei en is die meting meer as ooit tevore nodig.

DIE TYE VAN DIE HEIDENE

Interessant dat Mnr. Armstrong tydens sy wêreld-reise meestal na heidense heersers gegaan het, waar hy tydens etes deur hom aangebied, getuienis afgelê with het. Die eerste van hierdie besoeke het op 26 September 1973, 'n Basuine-gedenkdag plaasgevind. Mnr. Armstrong se opdrag was om die evangelie te verkondig, maar terselfdertyd het hy die Heidene ook gewaarsku. Hy het 'n skokkende sterk basuin-waarskuwingsboodskap vir sommige van daardie leiers gehad!

Ons verkondig vandag steeds die evangelie, van die verborgenheid, wat mnr. Armstrong beklemtoon het; met die verskil, dat ons die waarskuwing beklemtoon, daar ons in 'n tyd van geen verdere uitstel, is. Ons het slegs 'n baie kort tyd waarin ons die wêreld kan waarsku.

Ons prediking van die evangelie, is bykomend, aangesien die evangelie reeds deur Mnr. Armstrong aan die wêreld verkondig was (Matthéüs 24:14). Hy het ook die wêreld gewaarsku, maar in 'n ondergeskikte manier.

Nietemin, het Mnr. Armstrong kragtige waarskuwings aan die Heiden leiers gegee. Dit was na aan die einde van sy werk en die begin van ons waarskuwingsboodskap, en is ons waarskuwingsboodskap op daardie wyse bekendgestel.

Openbaring 10:11 lei hoofstuk 11 in, wat die Kerk skeuring in die konteks van die “TYE VAN DIE HEIDENE” bespreek; ... want

dit is aan die Heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap” (vers 2). MNR. ARMSTRONG HET HIERIN ‘N SLEUTEL ROL GESPEEL DEUR GETUIENIS AAN DIE HEIDENE TE GEE OOR DIE TYE VAN DIE HEIDENE.

Was dit bloot toevallig dat Mnr. Armstrong se eerste belydenis-ete tydens ‘n Basuine-gedenkdag plaasgevind het? Ek glo nie so nie! Hy het ‘n Basuine-gedenkdag boodskap gehad—net soos ons vandag ‘n Basuine-gedenkdag boodskap het, ‘n waarskuwingsboodskap waar God sê, *Mak Alarm! Die mensdom se oorlewing is op die spel!*

Slegs nege dae na daardie belydenis-ete het die Yom Kippur Oorlog op die wêreldtoneel ontplof!

‘n Olie verbod wat die wêreld geruk het, is ook deur die Arabiere verklaar.

‘n Verbod van dié aard, kan vandag, Amerika en Europa se ekonomie binne maande vernietig! Dit sal 'n nog groter bedreiging wees indien ‘n terreurondersteunende Iran, kontrole van Irak se olie (of ‘n groot gedeelte daarvan) verkry.

Hier is die kern. Daar is 'n direkte verband tussen daardie Basuine-waarskuwing van mnr. Armstrong en die skrikwekkende tyd van die Heidene, waaroor hy ons gewaarsku het—tye wat ons vandag duidelik kan sien. Die Groot Verdrukking sal regstreeks deur die Heidense regerings oor Amerika, Brittanje en die klein nasie genaamd Israel gebring word. Dit is geprofeteer dat hierdie drie nasies saam ten gronde sal gaan (Hoséa 5:5). (Vra vir ons gratis boekie oor Hoséa, vir 'n meer breedvoerige verduideliking.) Al hierdie dinge sal beëindig word wanneer die Dag van die Here en die wederkoms van Christus aanbreek.

Mnr. Armstrong se belydenis etes was baie noukeurig deur die almagtige God beplan.

Die wêreld moet gewaarsku word oor dit wat voorlê. Dan het hulle geen verskoning dat hulle die ergste ramp ooit, wat hierdie wêreld gaan tref, gaan inlei nie.

Waarskynlik sal daar nooit weer ‘n soortgelyke waarskuwing aan Heidense leiers gerig word soos dié een wat deur mnr. Armstrong gerig was nie. Daardie leiers word aanspreeklik gehou om dieselfde boodskap aan hulle mense oor te dra.

Hoekom het ‘n klein kerk soos die Wereldwye Kerk van God ‘n man gehad wat deur die wêreld gereis en vooraanstaande

leiers besoek het—en hulle oor die tye van die Heidene en Christus se wederkoms gewaarsku het? Ander leiers kan dikwels nie eers 'n geleentheid kry om daardie manne te sien nie! Is daar 'n verduideliking daarvoor? Daar is net een verklaring daarvoor. Daardie deure is deur God oopgemaak, en het Hy inderdaad wêreldgebeure teruggehou.

Nou, moet ons WEEREENS PROFETEER en God se eie Kerk, Israel en, in 'n mindere mate, die Heidene, waarsku. KAN JY NIE REEDS VOEL HOE DIE TYE VAN DIE HEIDENE OP ONS NEERDRUK NIE? Die ergste lyding ooit, in mense heugenis, is feitlik hier!

Die koning van die suide floreer in die Midde Ooste. Iran swem in massiewe olie profyfe, Op 11 September 2003, is Iran se vorige president, Akbar Hashemi Rafsanjani, deur die Islamitiese Republiek Nuus Agentskap as volg aangehaal, “Al het die Verenigde State 'n fisiese teenwoordigheid in die lande wat Iran omring, is die realiteit egter dat die Verenigde State deur Iran omsingel is.” Let op dat hy gesê het die V.S. is deur Iran omring, nie deur Arabiese nasies nie! DIT GEE ONS HEELWAT INSIG OOR WIE DIE KONING VAN DIE SUIDE IS. Iran is verantwoordelik vir die aanvalle op die VSA. Iran word deur al die Arabiese nasies gevrees

Rafsanjani het ook gesê, “God het die Amerikaners in 'n moeras in Irak gestoot. Indien hulle bly, sal hulle daaglik slagoffers wees, indien hulle onttrek sal dit 'n verlies van eer wees” (ibid.).

Die Verenigde State word deur Iran getart! Amerika is egter in so 'n mate verdeel dat hulle nie die radikale Islamitiese nasie, kan konfronteer nie. Beide President Bush en Eerste Minister Blair het albei, vanweë die Irakse gebeure, aansien en ondersteuning verloor. IN WESE VERTEL RAFSANJANI DIE WÊRELD DAT IRAN DIE KONING VAN DIE SUIDE IS! Hy bevestig wat ons vir baie jare reeds gesê het. Iran is die nommer een terroris-ondersteunende nasie ter wêreld. Hy het Amerika in Irak omsingel, asook die Jode in Israel. Iran lei die wêreld in staatsondersteunde terrorisme, en al is die Weste nie daarvan bewus nie, weet al die Midde Oosterse nasies dit wel. Terreur, wat tans in Jerusalem 'n leefwyse is, word hoofsaaklik vanweë Iran versprei.

Die Midde Oosterse Jode is in wanhoop gedompel. Die Londense Daily Telegraph (van 30 September 2003) maak

bekend dat "Israelies in openlike desperaatheid oor hulle land se toekoms is..." (klem deurgaans myne).

Die artikel vervolg, "Met die ineenstorting van die Amerikaanse ondersteunde 'padkaart' vredesplan, het die kans dat die Palestynse intifada tot 'n einde sal kom, nooit skraler geblyk nie. Twee-derdes van diegene wat ondervra is het voorspel dat die intifada in die komende jaar, sou aanhou of vererger. GEVRA OF HUL KINDERS 'N BETER TOEKOMS SOU GENIET, HET 73 PERSENT 'NEE' GEANTWOORD. Gevra om hul gevoelens oor die land se toestand te beskryf, het 43 persent gesê hulle was in 'vertwyfeling'".

DIE ISRAELIES LEWE ELKE DAG MET TEREUR EN ONDERVIND TOENEMEND DIE STORM—WAT DIE BYBEL AS "DIE TYE VAN DIE HEIDENE" BESKRYF! MENS KAN AANVOEL EN SIEN HOE DIE VOLMAAKTE OORLOGSTORM NADER KOM!

Amerika en Brittanje beveg terrorisme op dieselfde wyse as wat die Jode dit doen: Hulle versuim om die kop, of oorsprong van dié terreur—wat deur Iran en tweedens Sirië gelei word, aan te val. Dis duidelik dat die Jode as gevolg hiervan, die oorlog verloor. Amerika en Brittanje sal dieselfde ondervind, tensy hulle tot inkeer kom en weer die wil herwin om hulle groot mag te gebruik— meer, as wat hulle dit tans doen (Levítikus 26:19).

Die huidige druk gaan toeneem. Die tye van die Heidene is hoofsaaklik op Brittanje, Amerika en die klein nasie genaamd Israel, toegespits. Die grootste gedeelte van hierdie druk sal deur beide radikale Islam, of die koning van die suide, en die Heilige Romeinse Ryk, of die koning van die noorde, uitgeoefen word.

In hierdie laaste uur moet ons WEEREENS PROFETEER, want daar is nie meer baie tyd nie. Die Heidene maak opgang. Die Heidene maak opgang en hul haat vir Amerika en Brittanje neem daagliks toe. Die koning van die suide het 'n wurggreep op die Midde Ooste en die koning van die noorde het 'n wurggreep op Europa, en God se mense staan te midde van 'n massiewe Kerk krisis.

Ons moet God se boodskap aan Israel en Jerusalem verklaar. "O [jy] wat 'n goeie boodskap [aan Sion] verkondig, klim op die hoë berg ..."—is hoe Jesaja 40:9 behoort te lees. Sion is God se volk. "o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! O Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap,..". Die

Philadelphia Church of God het goeie nuus vir Jerusalem! “hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God!” Ons moet die boodskap: *Hier is julle God! Hy kom!* deur middel van televisie en publikasies te gebruik, verkondig.

Hierdie boodskap is tot dusver, slegs in ‘n geringe mate aan die Jode verkondig. Ek glo dat daar nog ‘n kragtige boodskap na Israel, wie die Bybelse stam van Juda is, sal uitgaan. Hulle is sonder hoop en radeloos en het ‘n waarskuwing en ons boodskap van hoop nodig. *Slegs ons* kan en wil dit deur geloof na hulle bring.

LERAARS VERSUIM OM TE PROFETEER

Gedurende 1984 het mnr. Armstrong die volgende van WCG leraars gesê, *Ek wens ek kon ons leraars kry om oor hierdie profesieë te praat! Hierdie profesieë behoort aan ons mense verkondig en verduidelik te word!* Sy woorde was vir my verontrustend. Ek het meer vasberade geword om soos God opgedra het te profeteer. Die Laodicense wou egter nie profeteer nie, omdat hulle nie van slegte nuus gehou het nie. Hulle het die verstommende visie van die verborgenheid verloor, hulle wou nie dit wat God geprofeteer het, verkondig nie. Kyk na die onheil wat op so ‘n oorweldigende skaal in die Kerk plaasgevind het. Na mnr. Armstrong se afsterwe, het hulle feitlik heeltemal opgehou om van profesie te praat!

Huidiglik *sterf* die leraars en mense wat in 1984 nie soos hulle moes, geprofeteer het nie. Hulle slegte voorbeeld behoort ons motivering te wees om hulle dodelike sonde te vermy.

Die komende onheil, is nou baie meer sigbaar. Vandag kan ons nog meer verskonings voorhou om nie te profeteer nie. Om God se boodskap te verkondig is nie maklik nie. Maar ons moet—ons redding en beloning berus daarop!

Ons moet beseft dat **INSPIRASIE WAT WOORDE NIE KAN OMSKRYF**; is wanneer mense **HULLE BEKEER VAN HUL SONDES!** Dit is waarin werlike inspirasie lê!

Hoe lief het ons God se waarheid? Het ons dit lief genoeg om mense te vertel wat God sê, selfs al bevat dit **SLEGTE NUUS**? Is ons werklik gewillig om **WEEREENS TE PROFETEER**?

DIE HOOF VAN DIE KERK

Agtergrond vir ons opdrag om *weer te profeteer*, word in Openbaring 1 verkry.

“Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het” (vers 1). Dit is openbaring van God die Vader aan Christus, en Christus het dit aan ‘n engel gegee, en die engel het dit aan Johannes gegee. Hierdie boek is afkomstig van God die Vader en daar is nie nog so een in die Bybel nie. Dit bevat ‘n aantal baie groot gebeurtenisse wat binnekort gaan plaasvind.

In vers 4 word gesê dat hierdie boek ‘n boodskap het van “Hom wat is en wat was en wat kom.” GOD IS! Hy lewe!

In vers 11 word daar van die sewe eras van God se Kerk, gepraat. Neem kennis van vers 13: “*En tussen die sewe kandelaars* Een soos die Seun van die mens met ‘n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ‘n goue gordel.” God is midde-in Sy Kerk. Deuteronomium 23:14 sê God sou midde in die laer van Israel wandel, op die voorwaarde: dat die volk heilig moes wees, anders sou God, Hom van hulle afwend en hulle streng tugtig. Dit is ook hoe dit vandag met ons gaan; net meer streng.

“Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos ‘n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei in ‘n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou (die engele van die sewe Kerk eras), en ‘n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag” (Openbaring 1:14-16).

God hou die sewe engele, in beheer van die Kerk eras, in Sy hand. Die *International Critical Commentary* sê die volgende oor daardie stelling: “Hierdie sinsdeel het geen organiese aansluiting met die brief aan die gemeente in Éfese nie.” Het dit nie? Die persoon wat daardie kommentaar geskryf het, het nie kennis van wie die Hoof van God se Kerk is nie! *Organies* beteken dat dit ‘n intergrale deel of gedeelte van die geheel vorm. Hierdie kommentaar sê dat Christus geen organiese aansluiting by die Éfese era, of wat dit betref, by enige van die ander eras het nie!

Dit terwyl Christus die HOOF VAN DIE KERK is! Die Kerk ‘n geestelike organisme.

Die Laodicense het die Hoof, soos in Openbaring 1 beskryf, verloor (Kolossense 2:19). Hulle sien geen aansluiting van Openbaring 1 by die briewe aan die sewe gemeentes in Openbaring 2 en 3 nie, omdat Christus hulle nie meer lei nie. Die waarheid is, dat Christus te midde van Sy uitverkorenes is! Hy hou daardie sewe engele in Sy hand! Geen niksbeduidende klein mannetjie kan aan die hoof van God se Kerk staan nie!

Terwyl ek onder eed getuienis afgelê het in die saak oor *Mystery of the Ages*, was die eerste vraag wat albei kere deur die WCG gevra was, “Is u die hoof van die Filadelfia Kerk?” Albei kere het ek “Nee” geantwoord.

Wie is die hoof van hierdie Kerk? Sou dit ‘n niksbeduidende klein mannetjie wees, gaan ons ‘n baie donker toekoms tegemoet. Die regte perspektief word in Openbaring 1 gegee. Eerstens en voordat die eras en die liggaam van die Kerk bespreek word, moet DIE HOOF VERSTAAN WORD! ONS GEESTELIKE OORLEWING IS AFHANKLIK VAN ‘N DIEP BEGRIP VAN WIE DIE HOOF VAN HIERDIE KERK IS! Waar kom openbaring vandaan? Waar kom die vermoë om die werk te doen, vandaan? Satan het 95 persent van God se mense van die waarheid weggelei. Baie van die Laodicense het blykbaar net *Mnr. Armstrong* as die hoof gesien, en het die Kerk met sy afsterwe, buite beheer geraak!

Satan het hulle geloof vernietig, deur hulle fokus van die werklike Hoof van die Kerk af te wend, en het hulle nie meer hulle oë op die *Almagtige Here God* gevestig nie!

Met die getuienis vraag, het Satan geпоog om ons fokus van ons Hoof af te wend. Dit is die enigste manier hoe hy kan wen. Satan wou hê dat ek moes sê, dat ek die hoof is en sodoende mense kry om na my—‘n niksbeduidende man, op te sien. Dit is hoe die mense van God se geloof vernietig word. Laat ons nie vergeet dat Satan vrae vra en deur mense werk nie. God het die mense van Smirna meegedeel dat Satan van hulle in die tronk sou gooi en natuurlik is mense gebruik om hierdie bose daad uit te voer. Hoeveel keer slaag Satan om ons van koers te bring deur ‘n vraag te vra? Satan het met Eva begin deur te vra, “Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?” (Genesis3:1). ‘n Eenvoudige vraag wat of geïgnoreer of

met 'n God-geïnspireerde teregwyding beantwoord moes word. Pleks daarvan, het Eva met Satan gesprek gevoer—en die ganse mensdom volg steeds daardie dodelike tradisie!

Satan is baie magtiger en meer subtiel as ons. Dit is 'n dodelike fout om selfs met hom in 'n gesprek betrokke te raak.

Die Hoof van hierdie Kerk het 'n aangesig wat soos die son in Sy VOLLE KRAG skyn! Sy aangesig is so helder dat dit 'n H-bom ontploffing soos donkerte sal laat lyk. Indien ons nie daardie Hoof kan sien nie, verkeer ons in die donkerte oor die ware geskiedenis van hierdie Kerk! Hoe kan ons, ons Hoof, wat in Openbaring 1 beskryf word, verloor? Sonder die Hoof is daar geen ware Kerk geskiedenis nie.

HERE GOD, ALMAGTIGE

Die *International Critical Commentary* het nie 'n goeie begrip ten opsigte van die organiese skakeling tussen die eerste paar hoofstukke van Openbaring nie. Laat my toe om iets wat hulle beslis begryp het, met julle te deel. Ek is van mening dat hierdie 'n pragtige analise, in net 'n paar woorde was.

“Johannes gebruik die uitdrukking *Here God Almagtige*. Hierdie goddelike titel kom net 10 maal voor, elders (in die boek van Openbaring), en verder slegs tweemaal in die Nuwe Testament, behalwe waar dit in skrifgedeeltes van die Ou Testament aangehaal word.” Hoekom was Johannes so konsekwent in die gebruik van die woorde *Here God Almagtige*? Kom ons kyk na 'n paar van hierdie skrifgedeeltes:

“En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die *Here God, die Almagtige*, wat was en wat is en wat kom!” (Openbaring 4:8).

“En gesê: Ons dank U, *Here God, Almagtige*, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het” (Openbaring 11:17).

“En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, *Here God, Almagtige*; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!” (Openbaring 15:3).

“En ek het ‘n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, *Here God, Almagtige*, waaragtig en regverdig is u oordele” (Openbaring 16:7).

“En ek het iets gehoor soos die stem van ‘n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die *Here God, die Almagtige*, het die koningskap aanvaar” (Openbaring 19:6).

NADAT JOHANNES DIE VISIE IN DIE EERSTE HOOFSTUK VAN OPENBARING GESIEN HET, BLYK DIT DAT HY ‘N ANDER MENS GEWORD HET. Hy het hierdie visie van God in sy geestesooog gehad. In die oorblywende gedeelte van die Nuwe Testament word die uitdrukking tweekeer gebruik—maar nadat Johannes die visie gesien het, het hy *Here God Almagtige* nog 10 keer gebruik!

WANNEER ONS BEGIN OM HIERDIE GROOT GOD VAN OPENBARING 1 TE SIEN EN TE VERSTAAN, SAL DIT ELKEEN VAN ONS VERANDER. Dit beteken *u*. en ek, beide van ons sal werklik die *HERE GOD ALMAGTIGE* sien! Hy is nie swak nie! Hy is alvermoënd, het almagtige soewereiniteit. Dit is die God wat ons dien. Ons behoort te vrees om Sy wette te oortree, siende dat dit ons die pragtige visie wat Hy ons in Openbaring 10 en 11 gegee het, sal ontnem.

Nadat Johannes hierdie visie gesien het, het hy ‘n diepe besef gehad dat hierdie die Kerk van die *HERE GOD ALMAGTIGE* van Openbaring 1 is! Hy is die Hoof van hierdie Kerk! “En toe ek Hom sien, val ek soos ‘n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste *EN DIE LEWENDE*; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood” (Openbaring 1:17-18). Aan Johannes is hierdie visie gegee, en as gevolg daarvan, het hy soos ‘n dooie neergeval! Wat ‘n visie is daar aan hom op die eiland van Patmos gegee.

Fisies was Johannes alleen. Hy was egter nie eensaam, ontmoedig of hartseer nie. Hy was daarvan bewus dat hy die *Here God Almagtige* dien! Daardie uitdrukking is nie ligtelik deur hom gebruik nie.

LEEF ONS ASOF ONS HIERDIE VURIGE GOD KEN? VREES ONS HOM WERKLIK?

Ons toekoms sal bepaal word deur hoe inniglik ons hierdie God verstaan.

Dit is die magtige en wonderlike God, wat u en ek dien. Indien ons in Sy werk deel, en ons het die Here God Almagtige om oor ons te waak en te beskerm, dan is ons ver bo die meeste mense op aarde geseënd! God herskep Homself in ons, omdat ons, ons potensiaal verstaan! Hoe geseënd is ons nie. Selfs al sou ons binne twee minute van die dood wees—hoe geseënd is ons nie.

‘n Diepe indruk word op ons lewe deur hierdie visie en begrip gemaak. Dit verander ons denkwyse en gesindheid. Hoe dieper ons hierdie visie in ons gemoed laat insink, hoe meer invloed sal ons in hierdie wêreld hê. Net ‘n klein groepie mense sal ‘n ongelooflike impak hê, en sal ons werklik hierdie opdrag onderskraag en ondersteun.

SEWE LAMPE

“En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar ‘n Lam asof Hy geslag is, met *sewe horings* ...” (Openbaring 5:6). ‘n Horing is simbolies van ‘n regering. Die Lam het sewe horings. Elkeen van die sewe eras was, terwyl hulle die werk gedoen het, deur Jesus Christus se regering gelei. U en ek, moet kinderlik en onderworpe aan Sy regering en hierdie Laodicense era, wees—anders as dié meeste van God se mense.

“Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur;” (Openbaring 1:19). En Johannes het dit neergeskryf.

“Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars (of lampe): Die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes” (Openbaring 1:20). Hoekom bly die lamp in die Kerk wat God se werk doen? Omdat ons DIE LIG LAAT skyn deur hierdie boodskap te verkondig. In die kerke van die Laodicense is daar nie ‘n lamp nie. Hierdie verborgenheid en wat dit omvat, word deur die PCG aan die wêreld verkondig. Dit maak nie saak hoe VERSKRRIKLIK hierdie wêreld se probleme is nie, die mensdom staan voor die deur van die wonderlikste nuus wat die mens hom ooit kon voorstel! Die mensdom moet egter eers sekere ervarings op die

harde manier leer. Kan ons hierdie lig na buite, in die wêreld laat skyn?

Die lampe is ook sewe geeste. Dit is noodsaaklik dat die Gees van God ons moet verlewendig en aanspoor! Daar is krag daar, om die mense van die Here God Almagtige, aan te spoor!

Christus sê Hy hou, of regeer, die sewe engele. Hy staan aan die hoof en beheer al daardie eras, soos wat hulle aan Hom onderworpe is. Dit is waarom dit nie baie mense verg, om die werk van God te doen nie. Ons moet seker maak dat ons deur hierdie almagtige God gerugsteun word, om ons met krag te voorsien, om hierdie werk te doen en dan kan NIEMAND ons keer nie!

Sou ons nie die kennis van hierdie Kerk se omvattende geskiedenis hê nie, sal ons nooit werklik verstaan wat dit beteken om WEEREENS te PROFETEER nie.

Daar was sewe lampe, wat sewe oë is. Ons SIEN wat in die wêreld aangaan—in Europa en in die Midde Ooste, deurdat God, ons Sy oorsig gee.

GOD SAL ALLES DEUR DIE STRUKTUUR VAN OPENBARING 1, 2 EN 3 KANNALISEER—vir ewig! Die Vader en Eggenoot, die bruid en die kinders wat in die Familie inkom, sal vir eons en eons van tyd met daardie familiestruktuur in die heelal ingaan—aan en aan, vir ewig! Openbaring 1:1, herlei alles terug na die Vader—die Hoof van die Familie!

Ons moet WEEREENS PROFETEER! Die HERE GOD ALMAGTIGE is die een wat ons daardie opdrag gegee het! Hy het hierdie nuwe opdrag aan ons openbaar, en nou moet ons dit uitvoer.

3

Die Wonderlike Wonder van God se Werk.

DIE SEWENDE EN LAASTE KOP VAN DIE HEILIGE ROMEINSE Ryk is besig om vinnig opgang te maak. God se werk snel ook teen dieselfde pas voort. Brittanje, Amerika en die sogenaamde nasie, Israel, is op die punt om in die grootste verdrukking ooit in mensekennis gedompel te word. Dit sal beëindig word deur die nabye wederkoms van Jesus Christus, om die aarde te regeer.

Die boek van Openbaring leer ons hoe om soos God te dink. Dit is die mees uitmuntende profetiese boek—asook die enigste boek wat Bybelvoorspellings in 'n tydraamwerk plaas. Openbaring 1:1 wys dat dit regstreeks van God die Vader afkomstig is. Al hierdie voorspellings—hoofstukke 10 en 11 insluitend, en al die voorspellings waaroor ons so baie in die “Philadelphia Church of God” praat—kom van die Vader.

God het sy mense in hierdie laaste dae op die wêreld verhoog geplaas en werk hulle in die ergste van tye, maar ook in die wonderlikste tyd van die mens se geskiedenis. Die ergste lyding ooit, op aarde, staar ons in die gesig—dis oral sigbaar—hierdie lyding eindig egter met die wederkoms van Jesus Christus om die mensdom van selfvernietiging te red.

God se mense is opgedra om in hierdie atmosfeer van vernietiging, **WEEREENS TE PROFETEER. DIE WOORDE WEEREENS PROFETEER, GEE TE KENNE DAT DAAR 'N GROOT KRISIS IN DIE WERK VAN GOD IS.** Hoekom moet daar andersins

weer geprofeteer word? Iets baie ernstig het gebeur soos ons in Openbaring 10:7 sien: “Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin [op die punt staan] sal blaas, dan is die verborgendheid van God volbring...” Die krisis wentel om die aflewering van God se geopenbaarde verborgenheid aan die wêreld. Die leier wat Herbert W. Armstrong opgevolg het in die “wCG” het gepoog om hierdie boodskap te vernietig.

Hierdie verborgenheid word in Mnr. Armstrong se boek *Mystery of the Ages* geopenbaar. Ons moes ses jaar lank in die hof veg om die kopiereg tot daardie boek te verkry. Eers na dit, kon ons die boek aan die wêreld vrystel en “weereens profeteer.” *Weereens* kon ons begin om “die grootste gehoor moontlik” te bereik.

Daarna is die boekie (vers 2) oftewel *Malachi's Message*, geopenbaar om te verduidelik wat in God se werk aangegaan het en WAAROM ons weer moet profeteer. Ou en nuwe openbaring word in die opdrag om *weer te profeteer*, ingesluit.

Dink aan die skrikwekkende waarskuwing wat God ons gegee het aangaande die 95% van Sy mense wat in hierdie eindtyd afgewyk het. Ons verkeer in die tyd van geen vertraging meer nie (vers 6), en ek glo dat dit die hoofrede is waarom ons opdrag verander is, van een van die uitdra van die evangelie wêreldwyd, na een van PROFETEER WEEREENS (met die klem daarop, om te waarsku). Satan is reeds neergewerp, en die konings van die noorde en die suide is vinnig besig om opgang te maak. Ons verkeer in 'n tyd waarvan Christus gesê het, indien Hy nie sou tussenbeide tree ter wille van die uitverkorenes nie, sou daar geen vlees lewendig gered word nie (Matthéüs 24:22).

'n Mens sou eintlik dink dat aangesien die mensdom se oorlewing van die grootste belang is, dat God meer mense se aandag sou verkry. Hoekom wil hulle nie na God luister nie? Daar skort iets vreeslik met die mens se natuur.

DIE DIER EN DIE AFGROND

'n Dieper begrip van Openbaring 17:7-8 is deur God aan my gegee, wat ek graag met julle wil deel. Die gedeelte lees: “Toe sê

die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings wat haar dra. Die dier wat jy gesien het, was, en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.”

Johannes was dronkgeslaan deur hierdie visioen wat hy gesien het—hierdie gedrog wat in hierdie eindtyd, op die toneel sal verskyn. Die wêreld sal egter hierdie verskriklike realiteit beleef; wat baie meer sal doen as net verbasing inhou!

Hierdie stelling van die dier, “wat was, en nie is nie, alhoewel hy is,” is verwarrend. Talle mense sal hande omhoog gooi as hulle soiets lees en sê “Niemand kan hierdie boek verstaan nie.” Dit is egter eenvoudig, as ons net sal toelaat dat God ons wys. Mnr. Armstrong het ‘n groot deel van sy bediening spandeer om hierdie onderwerp te bespreek.

Die dier verdwyn van die toneel af vir ‘n tyd lank, en ‘n PROFEET moet aan die mense die waarheid hieroor, bekend maak. Iemand sal moet profeteer.

Hierdie openbaring omskryf die periode toe Mnr. Armstrong, God se eindtyd Elia, besig was om hierdie werk van God te doen. God het aan hom die geheime oor hierdie sesde herlewing van die Heilige Romeinse Ryk, “wat was, en nie is nie, alhoewel hy is”, geopenbaar.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het ons die Hitler-Mussolini- spilas-verbintenis gesien, maar toe verdwyn dit van die toneel af. Dit “is nie”! En tog sê God, “dit is”! Hierdie spilas-magte het die oorlog verloor, maar soos mnr. Armstrong vele male verkondig het; hulle het net ondergronds gegaan—in “die afgrond” (vers 8). Hulle is nog steeds daar—net ondergronds. God sê, nadat dit gebeur, sal hulle net weer uit die afgrond opkom! Dan, sal Christus terugkom en die dier verwoes, vir altyd.

Mnr. Armstrong het verwag dat die dier gedurende sy leeftyd uit die afgrond sou opkom, maar dit het nie. Die dier herrys, terselfdertyd as die Filadelfia Kerk, in die era van die Laodicense (Hábakuk 1).

Verstaan goed waar ons nou in hierdie profesie is! Die PCG verskyn op die toneel *wanneer die dier uit die afgrond opkom*. Mense word deur ons gewaarsku oor wat plaasvind, en die goeie nuus dat die dier aan die einde hiervan, in die verdoemenis sal ingaan en volkome vernietig sal word, word bekend gemaak (Openbaring 17:11).

Ons gratis boekie *The Rising Beast* verduidelik, dat die eerste groot stap van daardie koning van die noorde se herrysing uit die afgrond, was die gebeure in die Balkan lande. Duitsland tesame met 'n magtige kerk, het herrys en met sterk teenkating hul enigste sterk opposisie in Europa: Slobodan Milosovic, vernietig. Amerika was forseer om akkoord te gaan, alhoewel die res van die wêreld vir eers daarteen was.

Hierdie Europese kombinasie word deur 'n krag ondersteun wat nie heeltemal deur mense verstaan word nie. Hulle aanbid die *draak, wat die dier mag gee* (Openbaring 13:4). Hierdie Europese mag kry dit reg om sy wil te bewerkstellig, ten spyte van wat hulle in die verlede gedoen het, selfs so onlangs soos Wêreldoorloë I en II. Hulle is al klaar weer 'n bullebak ten spyte van die verleentheid van hul afgryse geskiedenis.

God se ware Kerk moet aan die wêreld toon dat hierdie verborge moontheid besig is om sy verskyning te maak! Sou Openbaring 17:8, en dit wat in die Balkan state besig is om te gebeur, verstaan word, dan kan daar gesê word: Hier is dit! Die dier is besig om voor ons oë te verrys! Dit kom “uit die afgrond op,” of vanuit die ondergrond.

Sodra ons spesifiek besef wat aan die gebeur is, verlewendig die Bybel en moet U saamstem, dat dit baie indrukwekkend is, wanneer profesie so presies plaasvind!

In hierdie eindtyd is die profesie tweeledig. Die eerste gedeelte daarvan is—die sesde kop. Wanneer vers 8 sê, “Die dier wat jy gesien het, was en is nie ... alhoewel hy is.” Die tweede is, wanneer daar gesê word, “en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar,” WORD DAAR VAN DIE SEWENDE KOP GEPRAAT. Mnr. Armstrong was ten tye van die sesde kop teenwoordig, en nou is die PCG op die toneel vir die sewende en laaste kop. In hierdie profesie is daar twee eras van die Kerk, betrokke.

Die geallieerde magte was daarvan oortuig dat die dier vir ewig tot niet gemaak was, nadat hulle die Tweede Wêreldoorlog

gewen het. Hierdie dier moontheid egter, “is nie, alhoewel hy is.” Die Nazis het ondergronds gegaan en ‘n Groot Kerk het gehelp om hulle te laat ontsnap, sodoende het die meeste van hulle weggekóm. Die moontlikheid dat hulle die oorlog sou verloor, was ‘n oorweging, en het hulle gedurende die tyd van die sesde kop reeds hulle ontsnapping beplan—net ingeval. Die geallieerde magte het destyds nie besef dat indien die dier nie totaal, wortel en tak uitgeroei word nie, hulle weer sou terugkom nie! Ons het soos dwase toegelaat dat hulle hulle self ont-nazifiseer, en het hulle na Suid-Amerika, Europa, Kanada en selfs die Verenigde State gevlug, waar hulle in ons midde, wegkruip.

Mnr. Armstong was die hele tyd op die toneel, en het hy mense gewaarsku dat God belowe het om daardie Europese magte te gebruik om die mense van Israel te straf, indien ons nie tot inkeer kom en berou het oor ons sondes nie!

TANS KAN DIE WÊRELD DIE DIER “AANSKOU” WAT VANUIT DIE AFGROND, OPKOM. Dit het in die Balkan lande begin en sal binnekort 10 konings insluit. Wanneer God eers jou verstand oopmaak om hierdie profesie te verstaan, is dit dan regtig so moeilik om te begryp waarom God hier praat? Dit is DIESELFDE OU STELSEL—die sewende kop! Dit word verpletter maar kom net weer terug. Aan en aan gaan dit, maar mense leer net nie uit die verskriklike geskiedenis nie.

Jesus Christus gaan saam met Sy eerstelingte terugkeer en sal Hy die dier totaal vernietig sodat die wêreld dit nooit weer sal sien nie. Dit is oor hierdie dinge wat ons weer moet profeteer. Openbaring 17:8 dui aan dat die dier na “die verderf” gaan. Dit is vir ons ‘n eer om hier te wees en so hierdie profesie te vervul. Ons sal opgewek word en met daardie heiliges verenig, wat deur die eeue heen gemartel is—sowel as diegene wat gedurende die tydperk van die sewende kop van die dier, gemartel sal word. Ons sal die eer hê om in die lug op te vaar en hierdie kosbare heiliges te ontmoet. Daarna sal ons almal omdraai en terugkeer, om SAAM MET GOD, ONS BEVELVOERDER—OORLOG TE VOER.

EEN IS, DIE ANDER MOET NOG KOM

“Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit” (vers 9). Watter stad sit op

“sewe berge” of *sewe heuwels* soos sommige vertalings lees? ROME. Enige belese toeris sal jou dit kan meedeel.

“En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy ‘n kort tydjie bly” (vers 10). Neem kennis! Hierdie profesie is gedateerd. Hier is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie. Dit is asof tyd hier deur God tot stilstand gebring word—juis gedurende die tyd van die sesde, van sewe konings.

Hierdie profesie gee te kenne dat God sy man gedurende die tydperk van die die sesde van die sewe koppe van die Heilige “Romeinse Ryk, op die toneel gaan bring. Dit gee verder te kenne dat die sewende kop nie gedurende die eindtyd terwyl Elia nog op die toneel was, sou kom nie. Mnr. Armstrong was hier terwyl “een is, en die ander een moet nog kom”. Hierdie profesie verwys na ‘n spesifieke tydperk, wanneer God Sy eindtyd tipe van Elia stuur om te verduidelik wat besig is om te gebeur.

Voorts beteken dit ook dat daar ‘n *ander man* gestuur moet word om die SEWENDE KOP te verduidelik. Dit is ook iets wat God aan ‘n man moet *openbaar*.

Die boek van Openbaring stel alle profesieë in ‘n tydvolgorde of tydraamwerk, en is dit die enigste boek in die Bybel wat dit doen.

God het Mnr. Armstrong op die toneel gebring en al hierdie gebeure in ‘n spesifieke tydraamwerk geplaas.

Mnr. Armstrong het in ‘n tyd toe “die dier wat was en nie is nie, alhoewel hy is” gekom. Hy was op die toneel toe die sesde kop voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog aan bewind gekom het, (“die dier wat was”). Hy was ook nog daar toe die dier die Tweede Wêreldoorlog verloor het (“en nie is nie”). Hy was steeds daar toe die dier ondergrond gegaan het (“alhoewel hy is”).

HIERDIE PROFESIE KON ALLEENLIK BEHOORLIK VERSTAAN WORD INDIEN JY TOE DIT GEBEUR HET SELF OP DIE TONEEL TEENWOORDIG WAS! Dit is die enigste praktiese wyse waarop God dit glashelder aan Sy mense en die wêreld kon maak!

Let egter ook op dat “die ander een het nog nie gekom nie”. So, dit was geprofeteer dat mnr. Armstrong nie teenwoordig sou wees, wanneer die sewende kop verskyn nie. Hy was “uit

die pad geneem” sodat die opstandige era van die Laodicense, kon ontplooi (2 Thessalonicense 2:7).

’n Ander boodskapper sou gedurende die tyd van die Laodicense era, op die toneel verskyn. deur God gebruik om Sy boodskap te verklaar en mense wat die boodskapper sal ondersteun. Deur in hierdie spesifieke periode ’n man daar te plaas, word die tydsvak baie duidelik deur God gemaak.

Dit is tydens die sewende kop dat die uitverkorenes van God weereens *moet profeteer*.

Alleenlik God se spesiale uitverkorenes is by magte om hierdie werklik *verstommende profesie* te verstaan en God alleen kan dit *openbaar!*

Hoe kan ons enigsins hierdie skrifte verstaan indien dit nie vir God se boodskappers is nie? Dit moet deur God duidelik gemaak word. Gedurende hierdie laaste twee opstandings van die diermag, moet daar ’n werk plaasvind, sodat God aan ons die betekenis van die profesie kan bekend maak! Negentig persent van Bybel profesie word nou in hierdie eindtyd volbring—ons kan dit alom ons waarneem! ’n Geweldige verantwoordelikheid word deur God, aan een man in elk van hierdie twee eras opgedra. Mense word daarna deur God geroep om daardie een man te ondersteun en almal word die verantwoordelikheid gegee om die boodskap te verkondig en aan die wêreld te verduidelik wat dit beteken: Na vyf geval het, een is, en die ander moet nog kom.

Die dier wat “nog moet kom,” is besig om nou te kom! Die een wat “is,” is weg en so ook, die man wat ons daaromtrent geleer het.

Hierdie profesie is waarlik ’n openbaring. Dit wys hoe na aanmekaar die sesde en sewende koppe van hierdie dier is, maar dit wys ook hoe eenders die boodskap van God se Kerk, in hierdie laaste twee eras is. Net soos dit steeds dieselfde dier is, is ons werk steeds dieselfde. Hierdie is dieselfde Kerk, dieselfde Filadelfiese gees, dieselfde Filadelfiese mense, dieselfde uitverkorenes wat God se denke ken en dit wat God hulle opdra, uitvoer.

2 Thessalonicense 2 sê dat een man weggeneem sal word. Wanneer dit plaasvind, sal verskriklike dinge binne in God se Kerk aan die lig gebring word: ’n man wat in God se Kerk sit

en optree asof hy God is, terwyl die mense van God daar sit en alles aanvaar! Dit is hier waar die PCG inkom.

DIE MIDDELPUNT VAN DIE VERHAAL

Dit is verstommend hoedat die wêreld geheel en al deur die dier mislei is. Vanweë die misleiding moes God iemand op die toneel bring om daardie euwel, te openbaar, die sinagoge van Satan en om al die onheil van die Laodicense era bloot te lê. Daar moet iemand wees om hierdie openbaring van God te ontvang en om ons te help om dit wat aan die gebeur is, te verstaan. Jesus Christus is besig om die tyd af te tel. Alles wat in die wêreld en in Sy Kerk aangaan word aan Sy Familie bekend gemaak. Hy vlek alles oop voor Sy Familie en laat ons presies verstaan wat in Sy gedagtes omgaan.

Wanneer daardie dier kom “moet hy ‘n kort tydjie bly” (Openbaring 17:10)—2½ jaar. Dit sal ‘n periode van verwoesting, ongeëwenaard in die mens se geskiedenis wees. Ons moet egter verby die dier kyk. Daar is baie slegte nuus in hierdie wêreld, maar dit is byna vir ewig verby. Die Dag van die Here en God se plaes oor hierdie wêreld vind na die 2½ jaar plaas, wat met die wederkoms van Christus ‘n hoogtepunt bereik.

HIERDIE ASEMROWENDE OPENBARING MOET DEUR ONS AAN DIE WÊRELD GEGEE WORD! ONS DURF NIE IN GEBREKE BLY OM HIERDIE WONDERLIKE OPENBARING TE VERKONDIG NIE. Ons is verplig om dit aan die mense van hierdie wêreld te gee, ongeag wat hulle houding ookal mag wees. Hierdie wonderlike boodskap is vir hulle: hulle sal ook God se Familie wees, mits hulle tot bekering kom. Dit is waarom God se Kerk so belangrik is.

Wanneer die boek van Openbaring gelees word, is dit verbasend hoe prominent God se uitverkorenes is! Ons is die **HOOFKARAKTERS!** Dit is maklik om oor die dier en die vier perderuiters en al die ander vreeslike dinge te dink, maar die werklike **SENTRALEPLEK OP DIE VERHOOG** word deur **GOD SE MENSE** beset.

Die Bybel is vol moeilik verstaanbare profesieë, maar God bring die uitverkorenes op die toneel en beveel ons om die wêreld te vertel wat regtig besig is om aan te gaan en wat aanstons sal gebeur. Weliswaar, maak dit ons die hoofkarakter in die verhaal!

Dit is merkwaardig hoe goed ons hedendaagse gebeure

verstaan. Ons sien alles in die fynste besonderhede, omdat God dit aan ons openbaar. Binnekort sal die hele wêreld wens dat hulle geweet het wat ons nou reeds weet.

Weet die huidige wêreldleiers, wat hulle doen? Hulle onkunde is in die meeste gevalle 'n totale verleentheid! Hulle gaan ons nie red nie—geen mens gaan ons kan red nie. Alleenlik die grootte God kan ons red.

Die mense van hierdie wêreld het hierdie boodskap wat hulle nie wil hê nie, nodig. Omdat hulle dit nodig het, sal God dit aan hulle gee, en niemand sal dit kan verhinder nie.

oorlog met die lam

“Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin—want Hy is die Here van die here, en die Koning van die konings—en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou (Openbaring 17:14). Christus is Here van die here en Koning van konings—en die here en konings onder Hom is *DIE EERSTELINGE!*

Nie net is ons geroepe nie, maar ons is ook uitverkies en God sê ons is getrou. Ons sal sy aan *SY MET DIE LAM STRY*, om hierdie bese diermag *EENS EN VIR ALTYD* te oorwin, sodat hierdie wêreld rus en vrede kan hê. Dank God vir hierdie groot, groot gebeurtenis.

Daardie dier herrys nou—maar hierdie keer gaan hy 'n Kryger ontmoet wat meer magtig is, as wat hy hom ooit kon voorstel! Die gevolg van hierdie titaniese botsing; is lyke verstrooid oor die hele aarde, en bloed wat vir 200 myl tot by die tooms van die perde in die Vallei van Jehosafat vloei! Dit is wat dit van God sal verg om die mensdom se aandag te vekry. Dit is 'n voorbeeld van hoe hardkoppig en opstandig mense kan wees.

Mag God verhoed dat ons ooit so hardkoppig word, want dit is die eindresultaat.

Mnr. Armstrong het die Kerk meegedeel dat die liberale gebeure van die 1970's herhaal sou word en presies uitgelê hoe dit sou gebeur—maar wat het 95 persent van God se mense daarby gebaat? Dit bewys dat selfs God se eie mense met menslike natuur belas is, wat ons moet oorwin.

God waarsku Israel altyd voordat Hy straf toepas. Hy het altyd teen elke kop van hierdie dier, gewaarsku. Hy het ook

geprofeteer dat Hy in hierdie eindtyd daarteen sou waarsku— en nou kom dit op, uit die afgrond, en gooi dit reeds sy gewig rond.

DIE CHALDEËRS

“Die Godspraak wat Hábakuk, die profeet, gesien het” (Hábakuk 1:1). Hábakuk het hierdie Godspraak gesien, en net so, ons ook. Wat is dit?

“Hoe lank, O Here, roep ek om hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld!—maar U help nie? Waarom laat U my onreg sien en aanskou U die moeite! Ja, verwoesting en geweld is voor my oë; en daar is stryd, en twis begin” (verse 2-3). Hy praat hier oor die Kerk van God wat in hierdie eindtyd die sinagoge van Satan geword het (Openbaring 3:9). Baie sekerlik ‘n las! Dit het Hábakuk teneergedruk gemaak, en net so ook elkeen van God se uitverkorenes vandag. Dit is so tragies, dat dit ons laat wanhoop het!

“Daarom verloor die wet sy krag, en die reg kom nooit meer te voorskyn nie; want die goddelose omsingel die regverdige, daarom kom die wet verdraaid te voorskyn (Hábakuk 1:4). Daar is daardie uitverkorenes, war deur bese mense omsingel word. Sommige groepe van die Laodicense wil saamsmelt en maak asof alles reg is. Hulle word egter deur God bestempel as *goddeloos*—en hulle omsingel die regverdiges!

Let egter op: “Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom, verstom; want ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit vertel word nie (vers 5). Hier praat God met die Laodicense, wat die oortreders is: *Ek gaan julle van hierdie werk vertel en steeds sal julle dit nie glo nie! Mnr. Armstrong het julle vertel en julle het hom nie geglo nie, nou gaan Ek julle weereens vertel, en julle sal dit nog steeds nie glo nie. Dis hoe hardkoppig julle is!* God word ongeduldig met hierdie mense.

DAAR IS EGTER SOMMIGES WAT HULLE GROOTLIKS SAL VERWONDER OOR HIERDIE WERK WAT GOD OPWEK. HIERDIE UITVERKORENES IS OPGEWONDE EN IN VERWONDERING OM ‘N DEELNAME DAARIN TE HÊ! Wat ‘n verstommende werk is dit nie—‘n klein oorblyfsel, wat al hierdie uistaande werk verrig. Ons word deur God gebruik om hierdie wonderlike wonder

van 'n werk te verrig. Hoekom sou Hy dit nog steeds doen? Daar die oortreders dit verwoes het, en dit weer verlewendig moes word.

Let nou op, terwyl God se Kerk besig is om opgang te maak, wat anders maak ook opgang: "Want kyk, ek gaan die Chaldeërs opwek, daardie kwaai en onstuimige nasie wat trek deur die wydtes van die aarde, om wonings in besit te neem wat aan hom nie behoort nie" (vers 6). Hier is die rede, WAAROM ons WEEREENS aan die wêreld en veral aan Israel moet PROFETEER: **HIERDIE DIER IS BESIG OM TE HERRYS!**

Openbaring 11:1-2, net soos Openbaring 17:8 bespreek ook God se klein oorblyfsel wat sy aan sy met die Tye van Die Heidene opgang maak. God se werk en die diermag verrys saam. Dan sê God, *Ek wil hê dat julle weer moet profeteer. Niemand sal hierdie dinge verstaan as julle nie weer profeteer nie.* Ons sal regtig soldate moet wees en hierdie werk van God ondersteun.

"Verskriklik en gedug is hy, van homself gaan sy reg en hoogheid uit. En vinniger as luiperds is sy perde en gouer as aandwolwe; en op 'n gallop kom sy ruiters, ja, sy ruiters! Van ver kom hulle aangevlieg, net soos 'n arend wat op sy prooi neerskiet! Hulle kom almal om geweld te pleeg; die rigting van hulle gesigte is vorentoe, sodat hy gevangenis versamel soos sand. Ook dryf hy die spot met konings, en vorste is vir hom 'n belagging; hy lag om elke vesting; hy hoop grond daarteen op en neem dit in" (Hábakuk 1:7-10). Dis 'n ongelooflike bese, vernietigende mag—soos aandwolwe wat alles voor die voet verslind, selfs die beendere van hul prooi, wat hulle kan kry.

Verstaan ons regtig wat 'n roofgierige en dodelike dier dit gaan wees? Dit sal by verre meer vernietigend as die Nazis, tydens die Tweede Wêreldoorlog wees.

Dan gly hy verby, 'n wind..." (vers 11). [*'n Beter vertaling sou wees "Dan sal sy gemoed verander"* (KJV)]. Binnekort sal 'n man op die politieke toneel verskyn oor wie ons sal profeteer. Openbaring 13:4 sê dat hierdie diermag deur die draak **BEMAGTIG** word, en hierdie leier se gedagtegang sal **VERANDER**. Skielik sal hy meer mag hê as wat hy tevore gehad het—alles regstreeks vanaf Satan.

DIE AGSTE DIER

“En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom moet hy ‘n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf toe (Openbaring 17:10-11). So raaiselagtig as wat die profesie mag voorkom, het Mnr. Armstrong dit uitvoerig verduidelik.

In Daniël 7:1-7 word vier diere beskryf wat vier wêreld heersende moonthede voorstel. Die derde dier het vier koppe gehad (in totaal dan sewe koppe), en die kop van die vierde dier het tien horings gehad. Die Romeinse Ryk word deur hierdie laaste kop verteenwoordig. ‘n *Ander stelsel* kom te voorskyn uit daardie Romeinse Ryk: die laaste sewe van daardie tien horings word die *Heilige Romeinse Ryk*—die Romeinse Ryk wat deur ‘n kerk gery word. In (Openbaring 17:11) noem God dit die agtste stelsel. Dit verskil van die ander sewe koppe van Openbaring 13 en Daniël 7. In al hierdie ander wêreld heersende moonthede was daar nog nooit ‘n stelsel soos hierdie nie.

Mnr. Armstrong het die volgende daarvoor geskryf: “Die hele dier van Openbaring 17—die herlewings van die Romeinse Ryk- is deel ‘van die sewe’ koppe van Openbaring 13 en Daniël 7 omdat dit die laaste sewe horings omvat. Die herlewing van hierdie Romeinse Ryk ‘is die agtste’ stelsel, wat van die ander sewe voor dit, verskil (Openbaring 17:11).” (Lees ook ons boekie “*Who and What is the Prophetic Beast?*”)

Ons moet die hele toneel in gedagte hou. Daniël 7 en Openbaring 13 praat van vier wêreld-heersende moonthede, wat sewe koppe het. Maar dan praat Openbaring 17 van die sewe koppe wat deur ‘n kerk gery word, wat die agtste stelsel is. Openbaring 17 handel oor die agtste stelsel. Die vier wêreld-moonthede van Daniël 7 en Openbaring 13 is onder meer: 1) Die Chaldese Ryk van Nebukhadnésár, 2) Die Medo-Persiese Ryk, 3) Die Grieks-Masedoniese Ryk onder Alexander en sy vier generals, en 4) Die Romeinse Ryk. Uit hierdie laaste Ryk kom daar tien horings of koppe te voorskyn. Die eerste drie was die barbare wat Rome regeer het. Daarna kom daar ‘n klein horinkie te voorskyn, wat hierdie drie ontwortel (Daniël 7:8)—verwysende na die Rooms Katolieke Kerk. Hierdie Kerk het

werklike mag—genoeg om ‘n politikus uit sy setel te ontwortel, of selfs ‘n regering omver te gooi. Dit is ‘n skrikwekkende mag.

Julle moet seker maak dat julle lewens deur Jesus Christus gelei word, want daar is nie iemand wat julle sal beskerm, sou julle nie binne die kring van Sy bewaring bly nie.

JOHANNES SE KLEIN BOEKIE

Openbaring 10 bevat ietwat meer wat God op ‘n dieper wyse aan my bekend gemaak het. “En ek het ‘n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met ‘n wolk, en ‘n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; en in sy hand het hy ‘n geopende boekie gehad, en hy het sy regter voet op die see gesit, en sy linkervoet op die land; en hy het met ‘n groot stem uitgeroep soos ‘n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor. En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het ‘n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gesprek het, en skryf dit nie op nie” (Openbaring 10:1-4). God het Johannes opgedra om *nie* hierdie sewe donderslae neer te skryf nie.

Neem egter verder kennis: “En die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan, neem die geopende boekie in die hand van die engel wat op die see en op die land staan. En ek het na die engel gegaan en vir hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning. Toe neem ek die boekie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos heuning; maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword. (verse 8-10). Johannes praat hier tweemaal van die bitter en die soet—eers in vers 9 en dan weer in vers 10—ek glo dat dit vir ‘n baie goeie rede is.

“En hy het vir my gesê, jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings” (vers 11). God het aan Johannes gesê om hierdie boodskap te neem, maar om dit nie neer te skryf nie. *Soet en bitter word tweemaal genoem, maar die tweede keer sê God verder, Daar is iemand in hierdie eindtyd wie ek wil hê wat dit moet neerskryf. Hy moet WEER PROFETEER.*

Deur die boekie neer te skryf PROFETEER ons. God sê hier, dat daar iemand in die eindtyd op die toneel moet verskyn met die klein boekie, wat dit NEER SKRYF en WEER PROFETEER.

Nou *hoekom* word soet en bitter dan herhaal? Waarskynlik omdat dit aan Johannes geopenbaar was, maar dat hy opgedra was om dit *nie* neer te skryf nie. Hierdie boodskap was weer in die eindtyd geopenbaar toe dit ten volle verstaan kon word. God het hierdie eindtyd boodskap aan net een man geopenbaar, Sy profet, en is hy opgedra om dit neer te skryf en weer te profeteer.

Die enigste manier vir mense om werklik te kon verstaan wat in God se eie Kerk gebeur het, was om die boodskap neer te skryf.

Wat ons het is soet, en ook bitter. Dit is werklik soet wanneer ons verstaan waarmee God besig is. Om skrifgedeeltes soos Openbaring 17, te kan verstaan is so soet, dat mens net 'n liefde kry vir die Bybel. Dan egter verstaan ons ook van die Groot Verdrukking wat oor die ganse wêreld gaan kom, en ook wat met God se Familie gebeur—vyftig persent van hulle ontbeert hulle saligheid—en dit is 'n bitter boodskap. Wat anders kan tog so bitter wees? Wanneer God van die sewe donderslae praat, dan praat Hy van mense wat alles verloor—mense wie, aan baie van julle bekend is, en tyd mee saam deurgebring het. Hulle sal verdwyn en nooit weer lewe nie. Dit is bitter om fisiese familieledes te verloor. Hoeveel te meer wanneer lede van die God Familie vir ewig verlore gaan!

Onmiddellik na hierdie soet en bitter uitdrukking sê God in wese, Skryf hierdie boodskap neer. Kry dit uit, daar waar almal wat wil, hierdie boodskap kan lees en verstaan. Spesifieke persoonlikhede word hier van gepraat. Daar is 'n man op die toneel, en by hom is die uitverkorenes, wat saam met hom die werk van God doen.

God lê groot klem op die Philadelphia Church of God—op u!

ESÉGIËL SE KLEIN BOEKIE

Eségiël bespreek ook daardie soet en bitter klein boekie (vir bewys hiervan, kan u ons gratis boekie oor Eségiël lees).

“En die gees het in my gekom sodra hy met my gespreek het, en my op my voete laat staan, en ek het hom gehoor wat

met my gesprek het. Hy sê toe vir my: Mensekind, Ek stuur jou na die kinders van Israel, na die opstandige nasies wat teen My opgestaan het; hulle en hul vaders het teen My oortree tot hierdie selfde dag toe. En die kinders is hard van aangesig en verstok van hart. Ek stuur jou na hulle, en jy moet vir hulle sê: *So spreek die Here Here!* Maar of hulle nou al luister of nie—want hulle is ‘n wederstrewige huis—hulle sal moet erken dat daar ‘n profeet in hulle midde gewees het” (Eségiël 2:2-5). Eségiël is deur God opgedra om te sê, *So spreek die Ewige God!* Ons sal na daardie mense toe moet gaan en hulle vertel wat God sê, omdat ons waarlik namens God praat en ons werk ‘n *tipe* van sy werk is!

“En jy, mensekind, wees nie vir hulle of hulle woorde bevrees nie, omdat dissels en dorings by jou is, en jy by skerpioene woon; en wees nie voor hulle aangesig verskrik nie, want hulle is ‘n wederstrewige huis” (vers 6). Ons het ‘n werk om te doen; die aard daarvan, sal ons van nature skrikkerig maak! Maar God sê, Moenie bang wees nie! Behou ontspanne geloof!

“Maar jy moet hulle my woorde verkondig, of hulle al luister of nie; want hulle is wederstrewig, ‘Maar jy mensekind, luister na wat ek jou sê; wees nie wederstrewig soos die wederstrewige huis nie; maak jou mond wyd oop en eet wat ek jou gee” (verse 7-8). Sedert mnr. Armstrong se tyd het dit nou baie vererger. Hoekom sou God aan Sy mense—die uitverkorenes vandag—sê, *moenie soos daardie wederstrewige Israel wees nie?* Omdat die meeste van Sy mense hulle so gedra! God sê egter, *julle kan nie in die God Familie wees indien julle soos Jona optree en vlug om nie die boodskap af te lewer nie. Maak oop jou mond en eet wat Ek jou gee!*

Waar gee God Sy openbaring? En wie is die mense wat dit opeet? Ek dink dis maklik om te bewys.

“Toe kyk ek, en daar was ‘n hand na my uitgesteek, en daarin ‘n boekrol! En hy het dit voor my uitgesprei; en dit was beskrywe op die voor- en agterkant, en daarop was geskrywe klaagliedere en gesug en weë” (verse 9-10). Hierdie is ‘n boek, nie DIE boek nie en verwys na die klein boekie. Die klaagliedere is net die eerste gedeelte daarvan—die bitter gedeelte. Dit gaan egter verder.

“Daarna het Hy vir my gesê: Mensekind eet op wat jy vind; eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel”

(Eségiël 3:1). *Dis nie voldoende om dit net te eet nie, God sê, as Ek hierdie openbaring en hierdie wonderlike waarheid aan julle gee, moet julle gaan en dit verkondig!*

“Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my die rol laat eet” (vers 2)—net soos Hy met u en my wil doen. “En Hy het aan my gesê: Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat ek vir jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet (vers 3). Die bitter was die klaagliedere en gesug en wee, maar in die mond was dit soet. Die begrip wat God ons gee is regtig soet.

Mnr. Armstrong het die volgende oor hierdie verse geskryf: “Die Apostel Johannes word in sy visioen opgedra om die klein boekie wat oop in die hand van die engel is, te neem en op te eet.”

“NET SOOS ESÉGIËL SE PROFESIE!”

Daar was ‘n goeie rede hoekom mnr. Armstrong gedink het dat Eségiël 2 en 3 net soos die klein boekie van Openbaring 10 geklink het—want dit is dieselfde boekie wat bespreek word. (Alhoewel mnr. Armstrong dit nie geweet het nie).

Kyk weer na Openbaring 10:9-10: “En ek het na die engel gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op, dit sal jou maag bitter maak maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning, Toe neem ek die boekie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos heuning; maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword.”

Let nou op wat gebeur: “en kom, gaan na die ballinge ...” (Eségiël 3:11). Soos ons Eségiël boekie verduidelik, is hierdie ‘n verwysing na God se eie Familie, GEESTELIKE BALLINGE in hierdie eindtyd, MENSE WAT DEUR SATAN DIE DUIWEL IN BALLINGSKAP GENEEM IS—die Laodicense. ‘n Boodskap van klaagliedere, rou en gesug wat aan hulle gegee moet word. Vir sewe jaar, het ons byna uitsluitlik net dit gedoen en daarmee sal ons volhou, alhoewel ons nou hoofsaaklik na die nasies van Israel gaan.

Hierdie is kinders van God! Dis hoekom hierdie boodskap so bitter is. Kinders van God is besig om te sterf! Sou ons hulle lief het moet ons hulle gaan help! Ons het hulle deur die klein boekie van die Vader gewaarsku—‘n liefdevolle Vader wat oor

Sy kinders besorgd is. O, hoe lief het God Sy Familie! O, hoe lief het Hy die Laodicense! Hy sê aan ons: *Julle moet na My kinders gaan! Ek gaan vir julle hierdie boodskap gee; neem dit na HULLE toe! Wees lief vir hulle en vir die wêreld net soos julle Eggenoot is—gee julle lewe vir hulle!* Dis waarom ons hier is! Om ons lewens vir daardie bannelinge te gee! Ons moet alles moontlik vir hulle doen! **HIERDIE IS 'N FAMILIEKRISIS!** Ons moet hierdie boodskap uitbasuin.

Ons kan in ons Eségiël boekie, hierdie profesie van verse 14-17, dat ons die eerste sewe jaar van hierdie werk hoofsaaklik na die Laodicense moes gaan, sien. **DIT WAS OP DIÉ TYDSTIP DAT GOD ONS RIGTING GEWYSIG HET EN 'N BRANDWAG VIR DIE NASIES VAN ISRAEL AANGESTEL HET. GOD MOES 'N BRANDWAG MET ONDERSTEUNERS OPWEK OM 'N WAKENDE OOG TE HOU EN ISRAEL EN DIE WÊRELD TE WAARSKU.** Daarom het ons Mystery of the Ages na sewe jaar begin druk en gesê ons gaan die grootste moontlike gehoor daarmee bereik. God het dit alles vooruit geprofeteer en dit spesifiek bestuur. Ons het bloot in geloof opgestaan en God se leiding gevolg. God wys ons haarfyn dat Hy die PCG gebruik. Hy gebruik julle om hierdie koninklike en wonderbaarlike boodskap aan 'n sterwende kerk en die ganse wêreld te lewer.

Ons is op die punt om die hele wêreld te help om die ware God te leer ken.

ONS ONTSAGLIKE POTENSIAAL

Die eerste hoofstuk van Eségiël is 'n inleiding tot 'n algehele bespreking van die klein boekie. En sou ons hierdie hoofstuk lees en verstaan (wat ook deeglik in ons Eségiël boekie verduidelik word), dan sal julle sien dat alles gaan om, ons verbintenis met die grootte God van die heelal, uit te wys!

Die ongelooflike vurige skouspel van God wat op Sy ontsaglike vervoermiddel ry word deur Eségiël beskryf, dit sal heel waarskynlik dieselfde wyse wees waarop ons, wanneer ons geesteswesens is, vervoer sal word.

Weet u wat regtig skouspelagtig omtrent hierdie visioen was? Eségiël 1:25-26 wys vir ons dat God soos 'n mens lyk. Ons with **IS WERKLIK NA DIE EWEBEELD VAN GOD GESKAPE!** Ons lyk soos

God! Hy skep ons na Sy beeld, en ons sal Sy kinders wees! Ons gaan God wees! Hoe wonderlik is hierdie waarheid nie. Dit is waaroor Genesis 1:26, in die heel eerste hoofstuk van die Bybel handel. Dit is ons potensiaal.

Hoe dikwels dank ons God vir ons potensiaal?

Eségiël het—net soos Johannes (Openbaring 1:17), toe hy hierdie visioen sien, neergeslaan asof hy dood was (Eségiël 1:28). Dit wat God aan ons in Eségiël 1 geopenbaar het, lei die verhaal van die klein boekie in.

Is ons belangrik in God se plan? Is elkeen van ons belangrik?

Die klein boekie moet deur ons geëet, verteer en beproef word. Dan sal ons verstaan wat in hierdie eindtyd in God se Kerk aan die gebeur is. Dan sal ons weet, waarom *Mystery of the Ages* vernietig was; ook waarom ons in 'n hofgeding oor daardie boek betrokke was. Kyk net wat het God gedoen! Die groot Skepper God van Openbaring 1 en Eségiël 1, het aan ons die oorwinning gegee! God stel ons nooit teleur nie.

Maar dan sê Hy, *Nou wil Ek hê dat julle al hierdie dinge aan die res van die wêreld asook die Laodicense, wie ook in die ewebeeld van God geskape is, moet uitdra. Profeteer weer! Vertel hulle van hierdie boodskap, en hulle potensiaal, en wat met hulle sal gebeur, sou hulle nie luister nie.*

God het 'n brandwag daargestel. Daar is 'n brandwag wat presies aan God se mense moet oordra dit wat God wil hê, wat hulle moet hoor

Ons moet weereens profeteer, en daar is min tyd tot ons beskikking.

4

Hef Julle Oë Na Bo!

‘**N**DIEP STUDIE VAN HIERDIE KERK SE OPDRAG OM weereens te profeteer, sal jou verbeelding uit hierdie bouse wêreld na ‘n wonderlike beskawing wegvoer wat geheel en al buite die grense van menslike drome, sal wees. Oor die korttermyn egter het God geprofeteer dat Jerusalem soos Sodom sou word. Hy het egter ook gesê dat kort daarna, sal dit die mooiste en mees inspirerende stad ooit, op hierdie planeet wees! Die slegte nuus, is ook die inleiding tot die beste nuus ooit.

Op 11 September 2001, het Amerika die ergste terreur aanval ooit, beleef. Etlike joernaliste het van die **VERSKRIKLIKE NUWE REALITEIT** waarmee ons nou moet saamlewe, gepraat; alhoewel ons op hierdie stadium net die punt van die ysberg kan sien. Hierdie verskriklike nuwe realiteit is 10,000 maal erger as wat hierdie wêreld dit ooit kan voorstel! Die grootste gedeelte van hierdie massiewe krisis is onsigbaar en vir hierdie wêreld bedek.

Dit het alles begin in 1986, met die afsterwe van mnr. Armstrong, en Satan wat neergewerp was.

Dit wat ons op 11 September gesien het, is nietig in vergelyking met dit wat oor Brittanje, Amerika en die Joodse nasie gaan kom. Gemelde nasies sal slegs die eerste slagoffers wees; geweld en kernoorlog sal die hele wêreld verswelg.

Satan is op die Aarde neergewerp en hy is **VOL TOORN**, daar hy weet dat hy net ‘n kort tydjie het (Openbaring 12:12). Hierdie wêreld staar tans iets in die gesig, wat nog *nooit* vantevore was

nie. Wapens van massiewe verwoesting vul feitlik die hele Aarde! Dit is wanneer die toorn van Satan sy hoogtepunt sal bereik, juis omdat sy tyd so kort is.

God se uitverkorenes moet akuut bewus wees van hoe kort die tyd is om weereens te profeteer! Dit is 'n skrikwekkende vooruitsig, ons kan God egter dank dat al hierdie dinge regstreeks aansluit by Jesus Christus se wederkoms.

IN HIERDIE LAASTE UUR STAAR GOD SE UITVERKORENES 'N NUWE REALITEIT IN DIE GESIG. NOG NOOIT VANTEVORE EN OP SO 'N WÊRELDWYDE SKAAL MOES GOD SE MENSE SOIETS KONFRONTEER. ONS MOET 'N WERK OP 'N ANDER MANIER UITVOER, AS WAT ENIGE VAN GOD SE MENSE DIT OOI VANTEVORE GEDOEN HET: DIE WERK OM WEEREENS TE PROFETEER TE MIDDE VAN SATAN SE ERGSTE TOORN. ONS GEDRAG MOET IN OOREENSTEMMING MET HIERDIE MEEES DRINGENDE KRISIS WEES. ONS MOET ONS BY HIERDIE NUWE REALITEIT AANPAS.

Ons is dankbaar dat God ons krag gee, om met hierdie nuwe realiteit te handel.

“EK KEN JOU WERKE”

Jesus Christus word in Openbaring 1:5 “die eersgeborene uit die dode,” genoem. Dit wil voorkom asof die meeste mense niks anders as slegte nuus uit die profetiese boek van Openbaring verkry nie. Hier egter, in die eerste hoofstuk, word gesê dat Jesus Christus die EERSGEBORENE UIT DIE DODE IS. Wat 'n besondere inspirerende verklaring is dit nie. Romeine 8:29 sê, “sodat Hy die eersgeborene kan wees onder BAIE BROEDERS.”

Om die geboorte van 'n kind waar te neem, is 'n oorweldigende emosionele ondervinding. Stel jou egter voor, ons geestelike geboorte! God sê dat ons UIT DIE DOOD, WEER GEBORE SAL WORD!

Satan se misleiding begin net hier in vers 5. Hy slaag daarin om die mensdom te kry om ons geboorte in die Familie van God, oor die hoof te sien, en word ons ongelooflike menslike potensiaal daardeur verberg. Jesaja sê dat 'n hele nasie in 'n enkele dag GEBORE sal word! Die wêreld sal geskok en in ongeloof wees dat 'n geestelike nasie IN DIE FAMILIE VAN GOD

GEBORE GAAN WORD (Jesaja 66:8). Van hierdie inspirerende boodskap, weet die wêreld niks nie. Die mensdom weier om dié boodskap te glo—alhoewel hulle dit dringend nodig het.

Soos wat julle hierdie majestueuse boek van Openbaring lees, hou hierdie ongelooflike toekoms in gedagte. Sonder hierdie visie sal die tydelike slegte nuus julle ontmoedig.

Die waarheid, om in die God Familie gebore te word; is die evangelie— wat goeie nuus, beteken. Dit is die enigste goeie nuus, wat daar is!

Jesus Christus se gemoed was tot versadiging toe vol van hierdie manjifieke toekoms. Dit is waarom die vier Evangelieskrywers deur God, geïnspireer was. Christus probeer om die evangelie, op ons verstand in te ets. Geen toets sal dan te moeilik wees om te oorkom nie.

“Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het, en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelare” (Openbaring 1:12). Hier word van die lamp gepraat. Die boek van Openbaring word ingelei, met die LIG van God—*sewe brandende lampe wat lig aan die wêreld gee*.

Die wêreld beskou die boek van Openbaring, net as donkerte en oordeel.

Hierdie donker, donker wêreld—alhoewel dit nie so behoort te wees nie, daar God se helder lig die aarde inderdaad moet vul. Die mensdom, het egter die lig verwerp. Van verandering om in die Familie van God gebore te kan word, wil hulle geensins van hoor nie. Dit is die rede waarom hulle Christus dood gemaak het.

Die uitverkorenes van God het die uitsonderlike eer om lig en blydskap na hierdie ellendige wêreld uit te dra. Dit is veral in hierdie eindtyd besonder waar.

IN DIE BOEK VAN OPENBARING IS DAAR ‘N DIEPE GEESTELIKE GLOED. Selfs die slegte nuus, lei hierdie wêreld in God se lig.

Elkeen van ons het die verantwoordelikheid om ons lig te laat skyn—om aan hierdie wêreld God se lig te toon. Tans word ons geoordeel oor hoeveel lig ons, in God se Kerk en die wêreld inbring. Hoeveel lig dra julle by tot God se lamp?

ONS GROOTSTE UITDAGING IS OM DIE BOEK VAN OPENBARING DEUR GOD SE OË TE SIEN—en nie deur wêreld se oë nie. ‘n Fundamentele lig word in die eerste drie hoofstukke aan die

hele boek verleen. DIE VURIGE HEERLIKHEID VAN GOD WORD IN OPENBARING 1, BESKRYF. HOOFSTUKKE 2 EN 3 BEHANDEL DIE SEWE LAMPE VAN GOD—DIE LIG VAN GOD WAT IN SY WARE KERK HIER OP AARDE GLOEL.

God se mense is geroep om die boodskap van lig aan 'n somber, donker wêreld te bring. Die wêreld se enigste hoop is, om daardie lig te ontvang.

Waar die Kerk eras in hoofstukke 2 en 3 beskryf word, sê God SEWE MAAL, “Ek ken jou werke.” Die grootte God, deur wie die boek van Openbaring geïnspireer was, verlang dat ons weet, dat Hy kennis dra van ons doen en late. Dit is van uiterste belang om enige tyd wanneer God iets so herhaal, dit te verstaan. God is bewus van elke goeie werk, asook van elke keer wanneer ons versuim. Hy is intens ingestel op die arbeid wat deur Sy uitverkorenes verrig word.

DIE GROOT OORSIG WORD IN HIERDIE EERSTE DRIE HOOFSTUKKE VAN OPENBARING AAN ONS GEGEE.

Die boek van Openbaring begin met die Vader en die Seun (Openbaring 1:1). Dan gee God ons 'n beskrywing van hierdie vurige Wesens en hul krag. Daarna beskryf God Sy bruid en die werk wat sy moet verrig (Openbaring 2 en 3). Kerk eras omskryf die konteks van die God Familie. Die tydsverloop is vanaf die Eerste koms tot en met die Wederkoms van Christus.

Tesame met die profete is hierdie die Wêreld van Môre se fundamentele regeringsstruktuur. Wêreldregerings verkeer tans op hul sterfbed en is 'n nuwe beskawing voor die deur. Hierdie is 'n grootse, aardskuddende waarheid wat vir die wêreld verborge is, maar wat hulle egter binnekort sal sien.

Satan het ywerig gewerk om die waarheid in verband met die Kerk eras en van die Hoof van die Kerk soos beskryf in Openbaring 1, te vernietig.

Die Hoof van God se Kerk word in die eerste hoofstuk van Openbaring beskryf en was dit Satan se nommer een doel, om ons gedagtes van hierdie vurige God wat ons Hoof is, weg te lei!

Die tweede gebied wat Satan aanval is die Kerk eras. Sou Satan hierdie kennis vernietig, word ons blind en raak ons Tesame met die profete is hierdie die Wêreld van Môre se fundamentele regeringsstruktuur. Wêreldregerings verkeer tans op hul sterfbed en is 'n nuwe beskawing voor die deur. Hierdie is

‘n grootse, aardskuddende waarheid wat vir die wêreld verborge is, maar wat hulle egter binnekort sal sien.

Hierdie kennis maak die Philadelphia Church of God (PCG) bewus van die rede waarom hy gedurende die era van die Laodicense *weereens moet profeteer*. HOE KAN ONS WEET WAT ONS OPDRAG IS, INDIEN ONS NIE WEET IN WATTER ERA ONS IS NIE. HOE KAN GOD ONS GEBRUIK OM SY LAMP VAN OLIE TE VOORSIEN INDIEN ONS NIE EENS WEET WAAR DIE LAMP IS NIE?

Ons wys mense wat hul Skepper nou mee besig is. Hy is uitermate aktief.

By God is die werke van elke era bekend. Christus sê, Ek weet wat julle doen en ek wys julle, wat om te doen. In hierdie era is dit ons werk om weereens te profeteer en weet God hoe ywerig elkeen van ons is, om die werk te voltooi.

MOET NIE VREES NIE

Aan diegene van die Smirna Kerk, het Christus gesê, “Vrees vir niks wat jy sal ly nie ...” (Openbaring 2:10). Is julle somtyds bevrees? Vrees julle om die uitdagings verbonde aan die werk van God, die hoof te bied? Christus sê vir ons om dit wat kom, nie te vrees nie. Ons hoef niemand, behalwe God te vrees nie.

Kyk na die beproewinge wat die Smirna broeders ervaar het: “... Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee” (vers 10). Wat ‘n uitdaging—maar wat ‘n einde! Wie het sommige van hulle in die tronk gewerp? Nie mense nie, maar Satan! Hy gebruik mense. Ernstige vervolging van die lojale heiliges van God word deur Satan beplan.

Baie mense spot met Satan deurdat hulle hom nie ken nie en ook nie sy mag verstaan nie! Dit is egter daardie mag, wat hulle in absolute gebondenheid hou.

Johannes het beide God en Satan geken en was Satan vir hom ‘n groot werklikheid. Hy het ook geweet dat Satan ons groot teenstaander is. Sou ons in die tronk gewerp of gedood word, is dit hy wat sulke onheil bewerkstellig. Hy is die werklike oorsprong van ons vervolging.

Satan se primêre doel is om die werk van God en Sy mense te vernietig. Sy vernaamste passie is om ons te weerhou daarvan om weereens te profeteer. “Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie” (vers 11). Hoor ons wat dié Gees, van Satan sê?

Hier praat God oor ‘n diepsinnige begrip: ons kan hierdie boodskap so diep verwerk dat ons geensins sal vrees om in die tronk gewerp te word of fisies te sterf nie. Moet nie vrees nie sê God—ons kan sterwe, met die absolute WETE dat die tweede dood ons nie kan seermaak nie. **ONS KAN STERF EN WEEET DAT ONS VIR EWIG GAAN LEWE! DIT IS HOE ONS DIE VREES IN ONS LEWE BEMEESTER: DEUR DIE VISIE, ONS HOEF GEEN VREES TE HÊ NIE!**

Satan se primêre doel is, om die werk van God en Sy mense te vernietig. Ons moet ons teenstaander sien en verstaan, om hom te kan oorwin—anders sal hy daarin slaag om ons te oorwin, soos hy nou reeds 95 persent van God se mense verower het!

Die duiwel het God se mense in tronke laat werp en gedood en poog hy om ons deur vrees te oorwin. Dit verg baie intensiewe Bybelstudie om tot daardie punt van begrip te kom, waar ons die vrees in ons lewens kan uitskakel. Deur volmaakte liefde, word vrees uitgewerp. As ons God en Sy waarheid lief het, sal die vrese verdwyn.

Wat beteken dit om nie beseer te word nie? Die tweede dood maak seer en dit maak vir ewig seer, daar ons vir ewig dood sal wees! Die tweede dood maak seer, wat ons nou ookal sê. Dit is die grootste seer wat ons kan ly. Ons kan die eerste dood vir God sterf, maar die volgende oomblik egter, uit die dode opstaan, in majestueuse glorie vir ewig! ‘n Kroon van ewige glorie word aan ons gegee.

Die boek van Openbaring handel nie oor die eerste dood nie, maar oor hoe die tweede dood vermy kan word!

Ons sal menige beproewinge in die gesig staar terwyl ons weereens profeteer, maar ons moet dit nie vrees, wanneer ons God se boodskap aan die wêreld verklaar nie.

‘N VISIOEN VAN VREUGDE

Aan die einde van Openbaring 3, word dit genoem, dat ons God se troon sal deel. Dan in hoofstuk 4, word die pragtige troon

van God beskryf. Let op, die opwinding hier: “en voor die troon was daar ‘n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter. En die eerste lewende wese was soos ‘n leeu, en die tweede lewende wese was soos ‘n kalf, en die derde lewende wese het ‘n gesig gehad soos ‘n mens, en die vierde lewende wese was soos ‘n arend wat vlieg. En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is Hy die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!” (Openbaring 4:6-8).

Hierdie engelagtige-wesens is geensins teneergedruk nie; hulle prys God vir alles. Aan hulle is nog nooit die potensiaal om seuns van God te wees, gegee nie, nogtans betuig hulle nag en dag teenoor God hul blydschap en dankbaarheid. Skynbaar is dit hulle werk, net om God te prys—en hulle is in ekstase om dit te kan doen.

WEET ONS WAT DIE ENGELE GELUKKIG MAAK? TWEE-DERDES VAN DIE ENGELE HET LUCIFER SE OPSTAND GESIEN MAAR LOJAAL TEENoor GOD GEBLY. DIT IS WAT HULLE GELUKKIG MAAK. Ons lojaliteit teenoor God is wat nou die PCG gelukkig maak terwyl 95 persent van God se mense opstandig en ongelukkig is!

Hierdie engele ondersteun God se opdrag. Die eersteling—nie die engele nie—gaan hierdie asemrowende skitterende troon met Christus deel. Die regverdige engele steun egter 100 persent, die Pcg se opdrag. Dit help ons met ons voorbereiding vir daardie troon.

DIE LOJALE ENGELE IS GEENSINS SELFSUGTIG NIE. HULLE FOKUS IS OP GOD EN SY WERK, WAT ENGELE EN MENSE IN EKSTASE BRING!

“Val die vier-en-twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hul krone voor die troon en sê: U is waardig o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape”(verse 10 en 11). God is waardig om die heerlikheid en die eer te ontvang. Hy het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape” (verse 10 en 11). God is waardig om die heerlikheid en die eer te ontvang. Hy het alles geskep—ons ingesluit—en Hy

het ALLES vir ons opgeoffer. Om dit te onthou, hou ons nederig. LUCIFER HET VERGEET DAT HY 'N GESKAPE WESE WAS. Ons moet nooit ons nederige begin vergeet nie. 'n Pasgebore baba is absoluut hulpeloos, tot niks instaat nie, en moet deur iemand versorg word. Nogtans kan die mensdom, en selfs God se mense so arrogant word, dat hulle vergeet hoe nodig dit vir hulle is om deur God geleer te word en selfs deur Hom versorg te word.

Hierdie engele besef dit, hulle weet deur wie hulle geskape is. Hulle is jubelend omdat God hulle lewe gegee het. Hulle is ekstasies om deel te hê in God se wonderlike werk en sal hulle vir ewig gelukkig lewe.

So baie van God se mense het van Hom af weggedraai, omdat hulle meer in ander dinge as hulle eie potensiaal om seuns van God te word, belangstel. Dit is tog die rede waarom ons deur die Skepper geskape is! Die Laodicense se gedagtes is op ander dinge—hulle is “ryk en het verryk geword.” Die grootste rykdom wat egter op hierdie aarde beskikbaar is, is soos 'n mishoop, in vergelyking met ons potensiaal.

Ons almal moet 'n les by hierdie regverdige engele leer. Hulle fokus op die rede vir hul bestaan. Hulle dink oor die begin van hul lewens—hulle het begrip waarom hulle Skepper hul geskape het.

Ons behoort dieselfde gesindheid te hê. Ons moet altyd deur God se oë kyk. Hoekom het ons Skepper ons geskape? Die wete veroorsaak dat ons met lof vir God vervul word. Dit is hierdie begrip wat blydskap en opwinding in ons lewens bring. God het ons slegs 'n tydelike chemiese bestaan gegee, sodat Hy ons kan voorberei vir ewige, saligheid.

Die Laodicense het die ware skatte van die lewe verloor, “hulle is ryk en het verryk geword” met wêreldse dinge, maar geestelik is hulle in die mees ellendige en beklaenswaardige toestand, denkbaar. Ons onoortreflike potensiaal, moet altyd, ons grootste passie wees, andersins verloor ons alles van waarde.

Ons het die dankbaarheid van hierdie engele nodig—ook hulle blydskap en die opwinding. Indien ons nie baie van daardie blydskap in ons lewe het nie, is daar fout. Natuurlik kan 'n ernstige beproewing neerdrukkend wees; niesteenstaande moet ons, soos die 24 ouderlinge, bly wees en God loof—selfs meer, want ons potensiaal is soveel groter 'n patetiese poging aangewend om oor hul *Skepper* te regeer.

Hierdie engele sien die ontsaglike verskil, tussen die Skepper en die geskapenes! Lucifer en een derde van die geskape engele het.

Die regverdige engele het hierdie rebellie gehaat. Hulle het nooit teen hulle Skepper in opstand gekom toe Hy besluit het om homself deur die mens te herskep nie. Hulle sien nog steeds, 'n fantastiese toekoms vir hulleself en daardie houding maak hulle gelukkig en sal dieselfde vir ons doen.

Laat ek 'n verbasende gedagte met julle deel, wat so glo ek, regstreeks van God kom: DIT WIL VIR MY VOORKOM ASOF DIE REGVERDIGE ENGELE NOU GROTER POTENSIAAL HET AS DIE TYD VOORDAT LUCIFER IN OPSTAND GEKOM HET!

Voordat die mens geskape was, sou die engele ondergeskik aan God en die Woord, die heelal verfraai en regeer het. Nou egter is dit die onoortreflike potensiaal van die mens. Die regverdige engele sal nog help om die heelal te regeer—dié keer egter, ondergeskik aan biljoene geskape seuns van God.

SOU HULLE TOEKOMS, SONDER DIE BILJOENE GESKAPE GODE ENIGSINS WONDERLIKER GEWEES HET? EK DINK NIE SO NIE. DIT WIL VOORKOM ASOF HULLE GOD, MEER KAN LOOF OMDAT HUL TOEKOMS SOVEEL GROTER IS, WEENS DIE SKEPPING VAN SO BAIE SEUNS VAN GOD!

Is dit vir die regverdige engele 'n wen-wen situasie, selfs al het een derde van hulle in opstand gekom? Ek glo dat dit 'n besondere sterk moontlikheid kan wees.

Alles is steeds in ooreenstemming met God se diepgaande liefde en Hy streef om aan almal van ons die mees vebysterende toekoms moontlik te besorg. Dit is hoe God se denke is.

Sou ons die werk van God doen om *weereens te profeteer*, dan moet ons dink soos God. Ons moet Sy visie hê om Sy werk te kan doen.

HOU JERUSALEM DOP

Die tyd is baie naby, dat ernstige probleme in die wêreld gaan verhaas. "En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en konings. En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die

voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap” (Openbaring 10:11; 11:1-2).

Dit is wat ons in die gesig staar: op die een of ander manier moet ons gemeet word. Die Laodicense wat in die Verdrukking ingaan, sal ‘n baie groot deel van hul belonging verloor, OMDAT HULLE NIE VANDAG IN NEDERIGHEID WIL TOELAAT DAT HULE GEMEET WORD NIE. Daarom moet hulle deur die Groot Verdrukking saam met die res van die wêreld gaan.

Ons moet by aanskoue van hierdie profesieë besef waaraan dit gekoppel is. Die dinge wat ons vandag in Jerusalem sien gebeur, is die inleiding tot Christus se wederkoms. Stap vir stap sal al hierdie dinge tot daardie finale hoogtepunt lei!

So hou Jerusalem dop! Die uitverkorenes van God moet Jerusalem dop hou, en *weereens profeteer*.

Tydens die Olyfberg profesie het Christus gepraat van, “Wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingel sien” (Lukas 21:20). Hoekom sal hierdie Europese leërs, nadat hulle reeds ‘n oorlog teen die koning van die suide gewen het, Jerusalem wil omsingel?

Hierdie profesie gaan verder, “... dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is. Dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; en die wat in die stad is, moet uitgaan; en die wat in die buitewyke is, moet nie daar inkom nie”(verse 21-22). Daar kom ‘n tyd dat ons sterk geloof aan die dag sal moet lê, om te vlug. Dit sal vaste geloof verg, om vir jou lewe te vlug wanneer allerhande name, deur mense, jou toegevoeg word en jy en hierdie kerk oorlaai word met vervolging. Sou ek en jy nie die geloof van Christus hê nie, sal ons nie kan volhard om te kan vlug nie, en word ons deur God vermaan om gereed te wees.

“Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog in daardie dae; want daar sal ‘n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk” (verse 22 –23). Dit is hierdie dinge waarvan God, ons moet verlos. Die enigste manier hoe ons dit kan vryspring is om weer te profeteer en deur God beskerm te word.

“En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem [‘n

tipe Israel] sal vertrap word deur die nasies *totdat die tye van die nasies verul is*" (Vers 24). Net hierna, natuurlik, is Christus se wederkoms. Aanstons gaan ons sien hoedat die bybelse Israel soos modder in die strate vertrap gaan word. Is dit wat moet plaasvind, om mense se aandag te trek? Die Laodicense sal in die middel hiervan wees. Weens julle hardkoppigheid, sê God, *Julle, gaan vertrap word, omdat Ek julle aandag wil hê, en julle red. Ek wil hê dat julle in My Familie moet wees!*

Lukas 21:24 is regstreeks verbind tot Openbaring 10:11 en 11:1-2. Ons moet weer profeteer oor die tye van die nasies.

KYK DAN NA BO

Die drie primêre nasies wat tans saam terrorisme beveg—Amerika, Brittanje en Israel (Of Manasse, Efraim en Juda)—gaan soos in Hoséa 5:5 geprofeteer word saam val. Is dit nie interessant hoe verenig hulle nou is nie—en hoe hulle van die res van die wêreld geïsoleer is? Dit is ook voor die handliggend dat Brittanje uit die Europese Unie uit geskuif sal word.

Hierdie oorlog teen terrorisme is net die begin van 'n storm op die gesigseinder—die tye van die nasies!

Hierdie drie nasies van Israel, gaan verslaan en vernietig word. (Inligting hieroor is in ons boekie oor Hoséa, beskikbaar). Hierdie profesieë word nou vervul en lees ons in die koerante daarvan. Ons moet almal waak of in die mees verwoestende storm ooit op hierdie aarde, vasgevang word! Daar sal nooit 'n groter storm as dié een wees nie.

“En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hul radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word” (Lukas 21:25-26). Maar neem kennis van die goeie nuus: “En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is” (verse 27-28).

Hierdie gedeelte is so krities en sou ons nie versigtig wees nie sal ons aan depressie blootgestel word wanneer hierdie moeilikhede in die wêreld uitbreek. Ons het die geneigdheid

om beswaard te voel en in die onheil, wat al hoe erger word, vasgevang te word.

God is bekend met ons menslike natuur en word ons gewaarsku dat ons nie ontmoedig moet word nie. Julle moet nie toelaat dat hierdie dinge, julle onderkry nie, sê Hy vir ons. Hef op julle hoofde, omdat julle verlossing naby is! Jesus Christus se wederkoms is feitlik hier! Moet nie julle hoop en positiewe gesindheid verloor nie, julle is bitter naby die einde! Dit is die stryd waarin ons verkeer en moet ons nie net na die slegte nuus kyk nie!

Kyk na die klein nasie, genoemd Israel vandag, wat vir baie jare al worstel met 'n konsekwente terreur bedreiging. Hulle lewe in vrees; het geliefdes al aan die dood afgestaan en dit het hul van hoop beroof. Die oorgrote meerderheid van hulle, is daarvan oortuig dat hulle kinders se lewens baie erger sal wees as hul eie, EN HULLE LEWE IN OPENLIKE WANHOOP!

Wat van, indien jy daar gewoon het? Sou jy in openlike wanhoop, mismoedigheid en teneergedruk, rondgegaan het oor dit wat in jou land aan die gebeur is? Dit sou werklik moeilike wees om dit nie te doen nie.

God sê egter, *Nee! Nee! Moet dit nie doen nie! Hef op julle hoofde! Hierdie is goeie nuus!* ONS MOET GOD GLO en weer profeteer.

Pleks daarvan dat Israel God vertrou, vertrou hy sy ergste vyande. Sy verraad is aan die kom (om meer hiervan te weet, kan die boekie: Ezeziel: The End-Time Prophet, bestel word).

Ons moet al hierdie dinge wat besig is om in Jerusalem—en in die VSA, Brittanje, Kanada, Europa en Asië te gebeur—koppel aan die wederkoms van Jesus Christus! Dit is nie iets waaroor ons ontmoedig moet voel nie!

Kan jy reeds die tye van die Heidene aanvoel? Sien en besef jy, dat alles so vlot verloop vir die Heidene? Dat God self, dit reeds in hulle gedagtes geplaas het, dit wat hulle met die nasies van Israel gaan doen? Kan ons sien wat in die Midde-Ooste aan die gebeur is? Dit is oop en bloot voor ons. Die nasies van Israel—Amerika en Brittanje, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en die Jode—hou aan om te wonder, Waarom is Duitsland teen ons? Hoekom is Rusland, China en Europa teen ons? Hoekom is almal teen ons? DIT IS OMDAT ONS DIE TYE VAN DIE HEIDENE

IN DIE GESIG STAAR! GOD SÊ, DAT ONS REEDS DIE SWAARD KAN SIEN EN DAT ONS DIE KOMENDE STORM WAT AAN OPBOU IS, KAN AANVOEL—DIE BUITENSTE OMTREK VAN DAARDIE PERFEKTE STORM. Ons moet weer profeteer, terwyl daar nog tyd is!

Dit alles, egter, is die inleiding tot die beste nuus ooit! Moet nie terneergedruk word nie. Hef op julle hoof. Sou ons dit nie doen nie, sal ons nie weer profeteer nie, ons sal te mismoedig wees. Ons moet dit, wat tans in Jerusalem gebeur, aan die wederkoms van Christus wat op hande is, koppel. Dit is waarop ons gedagtes moet konsentreer. Dit is die enigste hoop, wat daar is.

ONS MOET GEMEET WORD

God gee aan ons in Openbaring 10:11, ons opdrag. Dit is ‘n grootse VISIOEN, dit wat ons gaan doen: Om voor volke, nasies, tale en konings, WEER TE PROFETEER.

Neem dan kennis, hoedat hierdie visioen deur God opgevolg word met ‘n berisping: Hy praat in hoofstuk 11, onmiddellik daarvan dat ons, gemeet moet word. God begin om ons te meet en wys ons waar ons nodig het om te verander. Dit is ‘n wonderlike seën van ons liefdevolle Vader. Elke liefdevolle vader meet sy eie kinders sodat hulle gelukkig en suksesvol kan wees. Indien ons weer gaan profeteer, moet ons in die tempel aanbid en gemeet word. Dit sluit die altaar, wat die bediening simboliseer, in, sowel as vir my. Ons moet almal gemeet word.

God gee die visioen om weer te profeteer, voordat daar van meting gepraat word—vir ‘n belangrike rede. Indien ons nie die visioen het nie, sal ons nie die teregwysing aanvaar nie.

God gee eerstens die opdrag om weereens te profeteer. God se Kerk het Laodicense geword en die verkondiging van God se boodskap, gestaak. Die uitverkorenes moes die werk van God laat herlewe en moes die nuwe opdrag, om die Laodicense en die wêreld te waarsku, verstaan. So het God ons geïnspireer deur ‘n nuwe opdrag aan ons te openbaar. God het weereens Sy regering deur een man gevestig. Aan ons is “die riet soos ‘n stok” gegee (Openbaring 11:1). Sodoende kon God Sy Bediening (die altaar) en Sy uitverkorenes meet.

Eerstens gee God ons die visioen, dan Sy wet en regering. Die Laodicense het die visioen verwerp en as gevolg daarvan nie

daarin geslaag om God se wet te onderhou, of aan Sy regering onderworpe te wees en gemeet te word nie. God is in die binnehof. Die Laodicense is in die voorhof buitekant die tempel geplaas om deur die Heidene in die Verdrukking vertrap te word (vers 2). Hulle sal op 'n swaar manier tot bekering moet kom, alhoewel vyftig persent van hulle, nooit sal bekeer nie. Hulle sal in die poel van vuur gewerp word.

Dit is wat met daardie Laodicense gebeur wat weier dat hulle gemeet word. Laat ons dus positief wees oor ons liefdevolle Vader se teregwysing, of meting.

SODOM VANDAG

Openbaring 11, praat dan verder van die twee getuies en hoe die diermag hulle sal haat en eindelik dood. “En hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad [Jerusalem] wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, WAAR OOK ONSE HERE GEKRUISIG IS” (vers 8). Die Vader het geensins van Sy Seun se kruisiging vergeet nie—daardie afgrysklikste sonde van alle sondes! God het geprofeteer hoe onheilig ons, in hierdie eindtyd sou word. Die boek van Openbaring het van God die Vader gekom. Aldus word Jerusalem, en Israel, Sodom—die smerigste stad ooit, op hierdie planeet, genoem!

Beskou ons die nasies van Israel, soos God dit doen? Hy sien totale verdorwenheid! Israel was die enigste nasie van wie GOD, DIE GRONDLEGGER WAS—Hy wou hê dat hulle 'n koningkryk van priesters moes wees! Insteede daarvan, het hulle nasate 'n uiters walglike voorbeeld vir die res van die wêreld geword! God gaan hulle met vuur verbrand, nes Hy met Sodom gedoen het, wat as 'n voorbeeld gedien het (Judas 7). Sodom is 'n tipe poel van vuur, waarheen hulle gaan, indien hulle nie tot bekering sou kom nie. Indien ons soos Sodom lewe sal ons soos Sodom sterwe!

Hierdie eindtyd ramp sal egter 10,000 maal erger wees as dié wat tot Sodom se ondergang gelei het! Tyd is besig om uit te loop. Hierdie naderende ramp van alle rampe, behoort ons te motiveer om terwyl daar nog tyd is, weereens te profeteer. Ons kan verseker wees dat God die Vader erg begaan is oor die toenemende homoseksualiteit. In ons tyd vandag, is dit 'n konstitusionele reg om in Israel homoseksualiteit te beoefen. In

(Romeine 1:26-27, 1Korinthiers 6:9), noem Paulus dit 'n *gruwel*. Talle skrifture, bevestig dat dit gruwelik is, en is dit in die Bybel moontlik die ergste byvoeglike naamwoord wat daar is. DIT IS 'N LEWENSTYL, WAT SATAN BEVORDER OM DIE FAMILIE TE VERNIETIG!

Fisiese familie berei ons voor, vir die Familie van God. Wanneer die reinheid van die familie geskend word, word die mens se potensiaal om lede van die God Familie te word, uitgewis! Hoe lank sal dit neem, om daardie mense wat homoseksualiteit beoefen, se gedagtes te verander om die huwelik soos deur God bepaal word, te begryp? Hoe lank voor hulle FAMILIE EN VADER, soos deur God omskryf, sal kan begryp? Hulle sal verantwoording moet doen as hulle God hierin trotseer. Hierdie sonde vernietig die wil tot enige iets wat karakter verg. Diegene wat, in hierdie verdorwenheid roem, het verwerpe gedagtes, en hulle sal NOOIT in die Familie van God kan wees, alvorens hulle nie hiervan ontslae raak nie. Hulle potensiaal word deur die duiwel beplek en swart gemaak.

Geestelike sodomie is egter by verre erger as homoseksualiteit. Die fisiese familie is die vernaamste instelling om ons vir die God Familie voor te berei.

Sal God terugstaan en bedees wees oor die dinge wat Satan doen? Satan probeer om mense te intimideer om te dink dat dit heeltemal in orde is om sulke dinge te doen of dat dit 'n heel privaat aangeleentheid, of persoonlike keuse is. God gloei met verontwaardig hieroor! Ons beter dit God se manier sien.

In Genesis 18:20-21, word gesê dat die geroep oor Sodom waarlik groot is. Hy het presies geweet wat daar aan die gebeur was. Dink jy dat dieselfde geroep vandag tot God opgegaan het?

Aan Lot het God gesê, dat hy sy familie moet verwyder; Hy het hulle bewaar (soos wat hy dit vir Sy uitverkorenes vandag sal doen), maar toe Lot se vrou teruggekyk het, het God haar in 'n soutpilaar verander. Vir haar was daar nog iets aanloklik in Sodom! God wil hê dat ons moet begin om geestelike Sodom te haat soos Hy, en om hierdie wêreld te vertel wat God dink!

Wat het Jesus Christus hieroor te sê gehad? "Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën

en almal vernietig. NET SO SAL DIT WEES IN DIE DAG WANNEER DIE SEUN VAN DIE MENS GEOPENBAAR WORD” (Lukas 17:28-30).

Dit is God wat praat! Net voor Christus se wederkoms, gaan vuur van die hemel af kom om die hedendaagse Sodom te vernietig—en dit is juis die nasies van Israel, die enigste mense wat ‘n geskiedenis met God gehad het.

God, sê aan ons, WAAK en waarsku. Ons kan seker wees dat Kernbomme in Israel gaan val omdat Christus dit self gesê het. Wanneer Satan slaag om mense in daardie tipe van sondes te verdiep, is die tyd naby dat God die mense wat dit beoefen, gaan uitwis—en sou hulle nie tot bekering kom nie, sal dit vir ewig wees.

Ons het ‘n Vader wat Sy Seun gegee het om vir ons te sterf. Hy gaan egter nie die dood van Sy Seun vir diegene, wat sulke verdraaide onheil beoefen, gebruik nie. Hulle volg die duiwel, wat hulle bedorwe god is. Wanneer God sê dat daardie stad Sodom is, bedoel Hy dat selfs die Laodicense geestelike en fisies in sodomie is. Ons kan nie deurdring tot daardie mense nie, omdat hulle nie na hul Vader wil luister nie; hulle het ‘n ander vader wat hulle gesindheid verdraai.

INDIEN MENSE, HIERDIE BOODSKAP SOU IGNOREER, SAL STEDE TOT AS VERBAND! Diegene wat daarna nog lewe sal in ballingskap, na vreemde lande weggevoer word. Dit is nodig dat hulle die punt bereik en besef dat ‘n PROFEET in hul midde was en dat hulle tot bekering moet kom, voordat God kan begin, om met hulle te werk. Hierdie is God se boodskap, en Hy gaan niks anders, as bekering aanvaar nie.

Ons moet die oorsig in gedagte hou. Die boek van Openbaring het van God die Vader gekom—nie van Christus nie.

SODOMIE IS ‘N SONDE WAT DIE FAMILIESTRUKTURE Vernietig—wat ‘n tipe van God Familie is! Hierdie sonde verwerp die vader as die liefdevolle hoof van die vrou en kinders—‘n God-vlak verhouding.

Geestelik verwerp sodomie die Vader as Hoof oor die God Familie. Dit is reeds die evangelie van God—die goeie nuus van die Koningryk van God, of God se Familie.

Sodomie is satanies tot in die diepste kern daarvan. Geestelik word God se Familieplan dardeer vernietig. Mense wat gewoonlik hierdie sonde beoefen het geen besef van hoe goddeloos dit is nie.

Die as van antieke Sodom verklaar duidelik aan ons wat God van herdie gruwel dink.

Ons moet Israel inlig, oor wat aan die kom is

DIE STAF VAN GOD

“En ‘n riet soos ‘n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid” (Openbaring 11:1). Die woord “staan op” in Engels, kom in die King James Version van die Bybel, 141 keer voor en 70 keer verwys dit na ‘opstanding’. God wil inderdaad dat ons opstaan! Sy Kerk is besig om te sterf. Hy benodig iemand wat sal opstaan en sal meet! Hier word spesifiek met een man gepraat wat deur ‘n groep gelowige mense ondersteun word en bereid is om gemeet te word.

Almal van ons moet getug en gemeet word; andersinds, sal ons nie die opdrag voltooi nie. Sou ons ‘n probleem hê en ons laat nie toe dat God ons meet nie, hoe sal Hy ons kan bereik? Ons kan nie toelaat dat enige iets ons verhinder om gemeet te word nie. Almal word getugtig.

Die stok in hierdie vers is simbolies van regering. Israel se stamhoofde word in Númeri 17:2-3 bespreek. Elkeen was beveel om ‘n staf te bring; wat ‘n vaandel of teken was dat hy dié leier van sy stam was. Paulus vra in 1 Korinthiërs 4:21, “Moet ek met die roede na julle kom ...?” Volgens Openbaring 2:26-27, gaan Christus Sy mense ‘n ysterstaf gee, om mee te REGEER. In God se kerk is daar outoriteit. Ons word almal daardeur getugtig.

Binne-in die ark van die verbond in ou Israel was die *Tien Gebooie*, ‘n bietjie *manna* (wat die geestelike manna, die waarheid van God, wat ons vandag ontvang, simboliseer) en *Aaron se staf*, wat die outoriteit wat God aan ‘n man gegee het om Israel te regeer, verteenwoordig. Iemand moes die Tien Gebooie in Israel toepas en dit verg ‘n outoriteit om dit te doen. Indien ‘n wet bestaan moet daar ook ‘n wetstoepasser wees.

God is nie ontsteld omdat die Laodicense *mnr. Armstrong* verwerp het nie—Hy is ontsteld, omdat hulle hul geestelike Hoof, JESUS CHRISTUS verwerp het! Dit is nie nodig om enige

menslike regering te aanvaar nie, maar God behoede jou sou jy die regering van God verwerp. Ons versoek nie iemand om 'n man te volg nie. Die feit is sou jy dit doen, is jy vervloek.

Hoe word die staf van God nie deur ons menslike natuur gehaat nie! Die gelowe van hierdie wêreld hou nie van God se regering nie, derhalwe het hulle 'n kom-soos-jy-is benadering!

Aaron se staf was óf van hout óf van 'n sekere metaal gemaak. Wat ookal die geval; God het dit maak blom en amandels dra (Númeri 17:8). Waarom? Hy wou wys hoe Sy regering groei kan voortbring. Het julle al agtergekom hoe 'n bietjie tugtiging julle kinders laat groei? Ons moet almal nederig bly. Ek moet ook; ek is menslik en het te veel van die tyd nog 'n vleeslike gesindheid, nes die meeste van julle. God tugtig my—somtyds baie straf—maar wat 'n seën is dit nie. Watter groei ervaar ons nie, as gevolg van God se tugtiging nie. OPENBARING 11:1 SÊ, DIE STOK IS AAN MY “GEGEE”. DIT IS 'N GAWE, WAT AANDUI DAT ONS GOD SE ONDERDANIGE SEUNS IS!

Ons kan in Openbaring 11:2 sien dat, indien ons nie toelaat dat God, ons meet en tugtig nie, sal ons nie weer profeteer nie!

Die ark was genoem die ark van die getuïenis. Dit was 'n getuïenis dat God met hulle was. Die PCG het nou die ark se hele inhoud, wat 'n getuïenis is dat God met ons is. Ons hoef nie te raai oor waar God Hom bevind nie, ons kan WEEÏ Hy is hier!

Dit is deur God se regering dat ons opgedra word om weereens te profeteer.

ROU VIR DIE WÊRELD

"En Ek sal aan my twee getuïes gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer" (Openbaring 11:3).

Die woord *sakke* hier beteken nie nederigheid nie, hier word primêr van ROU gepraat. Hierdie twee getuïes is onder die wat *sug en steun* oor al die gruwels in Israel (Eségiël 9:4). Daarom waarsku ons: ons rou vir ons mense Israel, en ons waarsku die hele wêreld, omdat hulle na alles, almal geskape seuns van God is, wat die potensiaal het om God te word. Ons rou oor wat tans in die wêreld gebeur.

Ewenwel, as ons soos God dink, sal ons nie toelaat dat hierdie rou ons in moedeloosheid dompel nie. Ons moet besef dat Satan, tans oneindig moedeloos is. Daar was nog nooit 'n wese so moedeloos soos hy nou is nie. Sou ons in moedeloosheid vasgevang word, moet ons dadelik besef dat dit Satan is wat ons terneerdruk. Hy is bitter omdat hy weet dat sy tyd so min is. Hy besef waarmee ons besig is en weet ook van die God Familie. Satan is deur God verstoot en tot hierdie aarde beperk. Daar is nie nog 'n wese wat God so haat soos hy nie, daarom vervolg hy die mense van God meer as enige iemand anders. Hy besef dat hy sy kans verspeel het en poog nou, om ons net so moedeloos soos wat hy is, te maak—en hy is 'n meester hierin. Hierdie neergeworpe draak tier nou in moedeloosheid en sy hoofdoel is om ons daarvan te weerhou om weereens te profeteer.

God, daarenteen bewapen ons om teen hom te stry en te oorwin. *Ons het baie meer waarheid as wat God se Kerk ooit gehad het.* God sal ons nooit in 'n stryd dompel, sonder om ons vir die oorwinning toe te rus nie. Al wat ons moet doen is om die gereedskap wat Hy voorsien, te gebruik.

DIE KERK EN DIE MANLIKE KIND

Ek wil graag die volgende wat baie inspireerend is, uitwys. “En sy [die ware Kerk] *het 'n manlike kind gebaar*, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en Sy troon” (Openbaring 12:5). 'n volkome oorsig word deur hierdie vers gegee: Christus se geboorte as 'n kind, Sy toekomstige regering van alle nasies met 'n ystersepter, asook Sy huidige verantwoordelikhede aan die regterkant van God in die hemel, as ons Hoë Priester [Voorspraak], word uitgebeeld.

Neem nou kennis hoedat hierdie gedagte herhaal word. ”En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat *die seuntjie gebaar het*” (vers 13). Daar was 'n besliste rede in God se Kerk vir die massiewe opstand wat plaasgevind het. Toe Satan neergewerp is, was God se Kerk sy eerste teiken. Hierdie vers vertel van die eindtyd krisis in God se Kerk, wat deur Satan aangeval was, en veroorsaak het dat 95 persent van die mense afgedwaal het. In hierdie konteks, wys God terug na die feit, dat hierdie Kerk die manlike kind gebaar het,

wat al die nasies van die aarde met 'n ystersepter sal regeer en wat tans aan die regterhand van die Vader sit.

Daar is 'n visioen in hierdie vers! Daar kan duidelik gesien word hoekom die Laodicense gefaal het: *hulle, het nie beseft, wie hulle was nie!* Hulle het nooit werklik verstaan nie, of hulle het hul eie geskiedenis vergeet.

Wanneer Christus 'n uitdrukking in een kort hoofstuk herhaal, moet ons die rede *waarom* dit deur Hom benadruk word bepaal. *Die PCG is dieselfde Kerk wat Jesus Christus as 'n baba voortgebring het! Kyk net waar is Hy nou!* Sou ons Hom volg, is dit presies daar waar ons ook sal wees—behalwe, natuurlik, dat ons saam met hom op die aarde sal regeer; nietemin sal ons steeds op die troon van Dawid wees.

WAT BETEKEN DIT VIR ONS OM 'N DEEL VAN DIE KERK WAT DIE MANLIKE KIND VOORTGEBRING HET, TE WEES? Wat 'n wonderlike geskiedenis is dit nie. God se wil, is dat ons hierdie geskiedenis werklik moet verstaan, omdat Hy ons baie lief het.

Christus gaan die heeral regeer en ons gaan hom behulpsaam wees om die wêreld en die heeral te verander—dieselfde Kerk wat die manlike kind voortgebring het.

Dit is moeilik om die offer wat Christus vir ons gemaak het, te begryp. Dit is selfs nog moeiliker om ons ewige toekoms saam met Hom te begryp. Ons moet nooit dit waarvan ons 'n deel is, vergeet, en wie ons is nie!

Mense wat nie hierdie visie het nie, sal deur Satan oorwin kan word. Dit is die rede waarom daar so 'n massiewe wegval van God se waarheid was. Hierdie manlike kind se eertydse geskiedenis, gee ons 'n verstommende visie van ons toekoms en sorg dat ons op die regte pad bly!

Die Woord, wie ook God was, het as 'n hulpelose fisiese kind na hierdie aarde gekom. Hierdie ongeëwenaarde offer, kon Hom alles laat verloor het—Sy ewige glorie. Sy sukses egter, gee aan ons die potensiaal om werklike seuns van God te wees.

Hoe sal ons “ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam”? Ons het die massiewe wegval van God se mense aanskou, omdat hulle nie hierdie visie begryp het nie.

Hierdie verse, gee aan ons *oorsake en gevolg*. Daar is 'n *oorsaak* vir so 'n bergagtige mislukking.

Meneer Armstrong het ons herinner dat ons nie die geskiedenis van die 1970's-rebellie moet vergeet nie, omdat ons dan bestem sou wees om dit te herhaal. Nou so het die Laodicense dit gedoen—op selfs 'n baie groter skaal as wat mnr. Armstrong ooit kon vermoed het.

DIE OPLOSSING VIR DIE PROBLEEM VAN DIE LAODICENSE IS IN VERSE 5 EN 13 VERVAT. DIE VISIE IS REG DAAR IN DIESELFDE VERS WAAR SATAN HULLE AANGEVAL HET! Ons kan sien waarom hy suksesvol was. Gaan hulle weer profeteer? Kan God hulle gebruik om weer te profeteer as hulle nie eens hierdie visioen verstaan nie? Hulle verstaan nie waaroor die God Familie gaan nie, en laat toe dat Satan hulle dit ontnem!

“En die draak [Satan die duiwel] was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou” (Openbaring 12:17). Daardie Laodicense wat berou het, het die gebooie en die getuienis—maar dit sê nie dat hulle regtig die *geloof* van Jesus Christus het nie, en dit is wat hulle in die moeilikheid beland het. God tugtig die hardkoppige, opstandige Laodicense deur hulle in die Verdrukking te dompel, wat ook die lot van diegene is, wat nalaat om weer te profeteer.

DIE DIER

“En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering” (Openbaring 13:1). *Hierdie is moontlik die vernaamste profesie van euwel in die hele Bybel.* Daar is niks soos hierdie dier waarvan in Openbaring 12, 13, 17 en 18, gepraat word nie. Kyk net na die spasie waarin Johannes hierdie monster beskryf—en dit in die Bybel se belangrikste boek oor profesie. Dit meen dat ons besondere aandag aan hierdie dier moet gee.

Hoeveel mense in hierdie wêreld, is daar, wat enigiets van die Heilige Romeinse Ryk verstaan—hierdie dier van Openbaring? Dit is al feitlik uit die see verrys. DIE WÊRELD STAAN OP DIE PUNT, OM DIE MEES VERWOESTENDE DIER OOI, OP HIERDIE PLANEET TE SIEN EN TE VERVAAR! Julle het nodig om te verstaan hoe intens hierdie aangeleentheid julle lewe gaan raak.

Dit is hierdie dier wat Amerika, Brittanje en die Joodse nasie sal verwoes. Ons mense van daardie gebiede sal met kernbomme aangeval word. Diegene wat daarna oorbly sal as slawe uit hulle eie land, weggevoer word. Dit gee ons 'n idee van hoe venynig en dodelik hierdie dier sal wees.

Alleenlik net God kan ons beskerm. Hy sal 'n enkeling of 'n nasie wat berou het, beskerm. Dit help jou om te sien, hoe belangrik dié boodskap is.

Let egter op, wat hierdie dier van die draak ontvang “En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos die van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en *die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag*” (Openbaring 13:2). Die mees-kragtigste draak gee aan die dier sy troon en groot mag. Waar op aarde is daar 'n kerk-staat kombinasie aan wie die duiwel werklik outoriteit en mag gee? Ons behoort daardie kombinasie te kan sien!

“En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?” (verse 3-4). Mense van die wêreld sal oor die dier verwonderd wees. Hulle sal prakties, in hul aanbidding van hom, gehipnotiseerd en verstom wees.

Daniël, het vier diere gesien. Wanneer al hierdie skrifgedeeltes vergelyk word, dan sê Johannes dat hierdie sewende dier van die Heilige Romeinse Ryk die krag van AL die diere tesame, het. Dit sal die dier van alle diere wees. Dit sal ongeëwenaarde verwoesting veroorsaak. Dit is nou op die toneel en binnekort gaan die wêreld dit weet—omdat die DRAAK sy KRAG EN OUTORITEIT aan hierdie dier verleen het. Die tye van die Heidene, lê nou voor die deur! Ons is op die punt om hierdie allerverskriklikste dier ooit, te sien—gruwel van gruwels!

Mnr. Armstrong het vir baie jare oor hierdie profesie gepraat. Die Kerk van God, praat reeds vir honderde jare al, hieroor. Die dier het sewe koppe en is alreeds vir 'n baie lang tyd, hier. Tog is daar egter niemand vandag op aarde, wat 'n werklike begrip van hierdie dier het nie—eintlik behoort hulle, omdat God se mense hulle daarvan vertel het.

Hierdie wêreld staan op die punt om die ergste leiers van hierdie dier ooit in die geskiedenis van die “Heilige” Romeinse Ryk te sien. Ons gaan ‘n STORMAGTIGE *tye van die Heidene*, sien; erger as enige storm voorheen, op aarde . Ons moet baie sterk mense wees om teenkanting hierteen te bied en die boodskap van God uit te basuin, oor wat nou besig is om op hierdie aarde te gebeur. **ONS MOET WEER PROFETEER—NOU!**

BESKERM DIE FAMILIE

“En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om Sy Naam en Sy tabernakel en EN DIE WAT IN DIE HEMEL WOON TE LASTER” (Openbaring 13:6). **HIERDIE DIER-MAG GAAN ONS VADER BELASTER. ONS BEHOORT WOEDEND DAAROOR TE WEES! DIT SAL OOK DIE TABERNAKEL BELASTER—WAT EINTLIK VAN GOD SE MENSE PRAAT. ONS MOET OPSTAAN EN VEG VIR ONS FAMILIE!** Wanneer mense hierdie vieslike aantygings besig, moet ons vanweë ons liefde vir ons Vader en ons Familie, hulle ook laat verstaan wat ons dink! **ONS SAL DIE HOER NOEM WAT SY IS EN DIE LASTERAAR WAT HY IS!**

“In hoofstukke 13, deur 15 en 17, van Openbaring, wys dit dat ‘n sekere getal Laodicense nie die merk van die dier sal aanvaar nie. Talle van hulle sal tot bekering kom en vir God in die bres tree. “En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met hom honderd-vier-en-veertigduisend met Sy Naam en die *Naam van sy Vader* op hulle voorhoofde geskrywe” (Openbaring 14:1). Hierdie 144,000, wat tydens die Verdrukking tot bekering kom sal op hul voorhoofde, die Vader se Naam, geskrywe hê! Hulle sal die *Vader* eer. Die Koningryk van God is juis oor die Familie van God!

Wat is dit waarvan die Laodicense hul moet bekeer? Hulle eer nie hulle Vader nie (Maleági 1:6). Die meeste van hulle sê dat Jesus Christus die middelpunt van hulle godsdiens is (Matthéus 24:4-5). Tog het Jesus Christus, Homself gesê dat hulle mislei is, deurdat hulle nie na ons Vader opsien nie. Ons moet die Vader verklaar, soos wat Jesus Christus dit gedoen het (Johannes 1:18).

Hoekom moet so baie sulke lyding deurgaans om die majestueuse boodskap van God te ontvang? Hoekom sal so

baie soveel verloor as gevolg van hul opstandigheid? Diegene wat wag om in die Verdrukking tot bekering te kom, gaan hulle hoofkwartier beloning verbeur. Hoekom is ons menslike natuur so verhard dat ons nie wil toelaat dat die liefdevolle God ons ALLES gee nie? Kyk net wat hulle alles moet verduur: hulle moet die merk van die dier weerstaan—en die groot hoer gaan hulle doodmaak.

Diegene wat nou getrou is, is vir God baie spesiaal. So 'n persoon staan soos 'n ligbaken in die donkerte. Ons is lampe wat skyn in die donkerte en sodoende kan mense van die wêreld kennis neem van wat hulle werklike hoop is. Niks is meer opwindend nie, as vir hierdie Kerk van God om na die wêreld te gaan en ons lampe helder te laat brand. Hoe opwindend is dit nie vir God nie. So baie skrifte vertel ons van die liefde wat God vir Sy uitverkorenes het—daardie mense wat Hom en Sy waarheid liefhet. God het ons lief omdat ons weer profeteer.

DIE GELOOF VAN CHRISTUS

Satan is werklik in 'n rasende woede. Wat ons moet verwag, is dat hy gaan poog om ons by te kom deur mense se gedagtes teenoor ons te vergiftig en teen ons op te maak. Verwag dit. Ons kan, dit en alles wat hy verder teen ons inbring op die volgende manier, die hoof bied: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas, hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus Christus bewaar” (Openbaring 14:12). Het ons die geloof van Jesus? Die uitverkorenes van God doen meer as om net die gebooie van God te onderhou—hulle het ook die geloof van Jesus Christus.

Met die druk van Mystery of the Ages was daar glad nie 'n skrifgedeelte waarna ek kon verwys en sê, God sê doen dit. Ons, moes opstaan en dit doen omdat ons die geloof van Christus gehad het. Hoekom was ons gewillig om daarvoor in 'n hofgeding betrokke te raak? Omdat ons die geloof van Christus het. Dit is ook die geloof wat ons moet hê, om weer te profeteer. (Nadat ons in geloof uitgestaan het, het God etlike skrifgedeeltes wat op die hofgeding van toepassing was, aan my geopenbaar)! God is besig om ons te help om in geloof te groei. Ons wil nie hê dat julle mense moet volg nie; ons wil hê dat Christus gevolg

moet word. Ons wil hê, dat julle die werklike GELOOF VAN CHRISTUS moet hê. Dieselfde geloof wat Christus gehad het! Indien Hy met daardie geloof dit kon verduur wat Hy verduur het, kan ons dieselfde doen.

Alles sal reg uitwerk. Soos mnr. Armstrong gesê het; julle kan die einde van die Bybel lees en sien dat ons WEN.

BRUID REGEER SAAM MET CHRISTUS!

Openbaring 18 en 19 wys ons dat ou Babilon vir ewig, vernietig gaan word.

Wanneer dit gebeur, is dit waarlik 'n groot rede vir jubeling in die hemel. En na hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê, Halleluja. Die heil en die heerlijkheid en die eer en die krag aan die Here onse God! Want Sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van Sy diensknegte op haar gewreek (Openbaring 19:1-2).

Hierdie groot hoer sal in die naam van God, die koppe van God se heiliges afkap en God gaan wraak neem! Hy gaan die hoer oordeel. In die konteks van ons werk, moet ons ook oor God se regspraak oor haar, profeteer. Ons is nie veronderstel om net te staan en toekyk terwyl 'n groot hoer hierdie wêreld, verlei nie. God sê, dat ons moet luid uitroep en al die nasies daarvan vertel!

“En vir die tweede maal het hulle gesê, Halleluja! En haar rook gaan op tot in ewigheid. En die vier-en-twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!” (Openbaring 19:3-4). Hierdie geestelike wesens, is baie opgewonde oor al hierdie dinge. Hierdie is die laaste optrede van die 24 ouderlinge en die vier lewende wesens in die Bybel: Hulle val neer en sê: *O Halleluja, Halleluja, loof God!*

Hoekom die opwinding? “En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al Sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot! En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die Almagtige het die Koningskap aanvaar” (verse 5-6).

Hierdie is 'n geweldige uitjubeling, van die groot, almagtige, alvermoënde God, wat regeer! Dit klink soos die geluid van sterk donderslae en die geluid van baie waters!

Dit is dan omtrent hierdie tyd dat Christus deur God die Vader gekroon sal word. Dit sal die grootste kroningsplegtigheid wees, ooit—deur ons Vader.

Let op, in hierdie konteks verder: "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak" (vers 7). Dit is waaroor alles gaan: die bruilof van die Lam! Dit is waarom die 24 ouderlinge en die vier lewende wesens so vreeslike opgewonde raak: oor die bruilof van die Lam met die bruid van Jesus Christus!

Hier is nou die rede waarom ons getoets en beproef word. **ONS MOET GEREED MAAK!** Ons gaan saam met Jesus Christus regeer! Dit is reeds in die Boek en gaan binnekort plaasvind. Daar is niks **NIKS**, **NIKS** op hierdie aarde, wat hiermee vergelyk kan word nie, daar sal ook nooit weer so iets gebeur nie. Dit is werklik oor **JULLE!** Ons het 'n sleutelrol om in hierdie eindtyd te speel.

"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en *ek het* die siele *gesien* van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God; en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en *hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank*. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en *SAL saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank*" (Openbaring 20:4-6).

In een geval daar, sê dit dat God se mense saam met Christus "geregeer" het; en twee verse verder sê dit dat hulle "sal regeer." Dit is Jesus Christus wat met ons praat en word die woorde verwissel asof ons **ALREEDS REGEER!** Die realiteit is dat God die prentjie sien asof ons reeds regeer! Die toekoms is ons s'n om te neem! Ons moet ons toekoms op dieselfde wyse sien, as ons eggenoot, met Sy perspektief. Al daardie Laodicense martelaars

wat deur die groot hoer gedood is, sal saam met Hom regeer en heers vir 'n duisend jaar.

Na dit, gaan God op die Laaste Groot Dag, biljoene der biljoene mense opwek, heelwaarskynlik 50 biljoen mense—dit is waarheen alles lei. God het hulp nodig om hierdie groot werk te doen. Hy het ons nodig. Christus het 'n *lewenshulp* nodig en dit is die geleentheid wat Hy aan *ons* bied.

In die nuwe Jerusalem, volgens Openbaring 21 is daar nie 'n nodigheid vir 'n son en 'n maan nie, omdat die heerlikheid van God daar sal skyn. **ONS SAL 'N DEEL DAARVAN WEES.**

God sê, dat ons weer, oor hierdie Familie visie moet profeteer. Dit gaan nie maklik wees nie maar *O, wat 'n inspireerende boodskap is dit nie!* Wanneer ons dit begryp, is daar niks anders wat saak maak nie.

So laat ons uitgaan en vurig weereens profeteer!

KONTAK INLIGTING

Om die Philadelphia Church of God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:

Besoek ons webwerf: www.pcog.org

In Noord-Amerika, kan u ons tolvry skakel:
1-800-772-8577

POSADRESSE WÊRELDWYD

Verenigde State: Philadelphia Church of God, Posbus 3700, Edmond, OK 73083

Kanada: Philadelphia Church of God, Posbis 400, Campbellville, ON L0P 1B0

Karibiese Eilande: Philadelphia Church of God, P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

Brittanje, Europa, Midde-Ooste: Philadelphia Church of God, Posbus 900, Northampton, NN5 9AL, Engeland

Afrika: Philadelphia Church of God, Posbus 2969, Durbanville, 7551, Suid-Afrika

Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande: Philadelphia Church of God, Posbus 375, Narellan, N.S.W. 2567, Australië

Nieu-Seeland: Philadelphia Church of God, Posbus 6088, Glenview, Hamilton 3246

Fillipyne: Philadelphia Church of God, Posbus 52143, Angeles City Poskantoor, 2009, Pampanga

Latyns-Amerika: Philadelphia Church of God, Aandag: Spaanse Departement, Posbus 3700, Edmond, OK 73083, Verenigde State

AFRIKAANS—Prophesy Again